

**Openbaarmaking
van seksuele misbruik gedurende jong volwassenheid**

**Jomien Amoraal
November 2011**

**Openbaarmaking
van seksuele misbruik gedurende jong volwassenheid**

**Jomien Amoraal
BA (MW)**

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERKER (FORENSIESE PRAKTYK)

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT
(POTCHEFSTROOMKAMPUS)**

Studieleier: Prof. C.C. Wessels
Potchefstroom
November 2011

DANKBETUIGINGS

- My ma, Anne Amoraal, vir haar volgehoue belangstelling en ondersteuning tydens my studies.
- My pa, Henk Amoraal (oorlede 10-02-2009) wie my geïnspireer het om nagraads te studeer en my grootste inspirasie was.
- My verloofde, Paul Amorim, vir sy ondersteuning en liefde, en wat my gemotiveer het om my magister te voltooi.
- Prof. C.C. Wessels, my studieleier, vir haar leiding, hulp en bystand tydens die voltooiing van my studies.
- Aan al die respondente wat deelgeneem het aan die studie, 'n spesiale woord van dank.
- My Hemelse Vader wat my deur gedra het en die vermoë gegee het om my studies te kon voltooi.
- Dr. Marita Badenhorst, 'n spesiale woord van dank vir die taalversorging van my magisterartikel.
- NRF vir die beurs wat dit vir my moontlik gemaak het om my studies te kon voltooi.

OPSOMMING

TITEL: Openbaarmaking van seksuele misbruik gedurende jong volwassenheid.

SLEUTELTERME: *Openbaarmaking, seksuele misbruik, jong volwassenheid*

Kinderseksuele misbruik het langtermyneffekte op die persoon wat as kind seksueel misbruik is, en dit kan strek tot in sy of haar jong volwasse jare. Dit is dus belangrik dat daar aandag gegee word aan die nodige ondersteuningsnetwerke/hulpbronne wat beskikbaar is vir jong volwassenes wat slagoffers is van seksuele misbruik tydens hulle kinderjare. Deur te bepaal aan watter persone hierdie slagoffers bereid is om die misbruik te openbaar, kan gebruik gemaak word van eienskappe wat benodig word vir effektiewe openbaarmaking.

Met die gemengde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerp is daar op die tweede- en derdejaar maatskaplike werkstudente van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) as respondente van die studie gefokus. Daar is gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef om respondente te verkry vir die studie en selfopgestelde, groep-geadministreerde vraelyste is aan hulle uitgedeel.

Die verkennende navorsingsontwerp is gebruik om meer inligting oor die navorsingsonderwerp te bekom, aangesien daar beperkte inligting beskikbaar is en min navorsing daarvoor onderneem is binne die Suid-Afrikaanse opset.

Die doel van die studie is om vas te stel watter hulpbronne beskikbaar gestel moet word aan slagoffers van seksuele misbruik tydens hulle kinderjare, sodat hulle vroeër in hulle lewe die misbruik openbaar en die nodige hulp kan verkry vir die trauma wat hulle ervaar het.

Dit is uit die bevindings duidelik dat die noodsaaklikheid bestaan vir die bewusmaking onder die gemeenskap om van die beskikbare hulpbronne vir persone wat slagoffers van kinderseksuele misbruik, gebruik te maak.

Aanbevelings rakende die inhoud word in die studie uiteengesit en aanbevelings vir verdere navorsing word ook aan die hand gedoen. Die gebruik van bewusmakingsprogramme is noodsaaklik om die gemeenskap in te lig oor die dinamika van kinderseksuele misbruik.

SUMMARY

TITLE: Disclosure of child sexual abuse during young adulthood

KEY TERMS: *Disclosure, sexual abuse, young adulthood*

Child sexual abuse has long term effects on a person who has been sexually abused as a child, and it can stretch into his or her young adulthood years. It is thus important to give attention to the necessary support systems available to young adults who were victims of child sexual abuse. By estimating to whom these victims are prepared to disclose the abuse, the necessary characteristics can be identified for effective disclosure.

With the combined quantitative and qualitative research design the researcher focused on second and third year students from North-West University (Potchefstroom campus) as participants for the study. A purposive sampling has been done in order to obtain participants for the study and self-constructed, group-administered questionnaires were handed out to the participants.

The explorative research design is used in order to obtain more information on the topic at hand, as there is limited information available and little research has been done on the topic in South Africa.

The goal of the study was to determine which support systems should be made available to child victims of sexual abuse, in order for them to disclose sexual abuse earlier in their life so that they can receive the necessary help for the trauma that they have experienced.

The findings indicated a clear necessity for awareness of child sexual abuse and the existing support systems that are in place to help victims of child sexual abuse. Recommendations regarding the contents and further research are derived from the findings of the study. The use of awareness programs is essential to keep the community up to date with the dynamics of child sexual abuse.

VOORWOORD

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reël A.7.2.3, soos vervat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus, 2010).

Die artikel voldoen aan die vereistes soos gestel deur Social Work/Maatskaplike Werk.

Hierdie artikel tel 50% van die totale program.

VOORSKRIF AAN OUTEURS

Die tydskrif CARSA se vereistes het as basis gedien ter formulering van hierdie artikel:

CARSA is a national journal that promotes academic and professional discourse amongst professionals involved in child-care work in South Africa. It publishes high quality, peer-evaluated, applied, multidisciplinary articles focusing on the theoretical, empirical and methodological issues related to child abuse in the light of the current political, cultural and intellectual topics in South Africa. Authors of articles submitted for review will remain anonymous. The comments of the reviewers and peer evaluators should be constructive and helpful and designed to aid the authors to produce articles that can be published. The authors may then use these comments to revise their articles. However, the final decision on whether or not to publish an article rests with the editor. There should be an interval of at least two issues between articles published by the same author.

Preparing articles for submission

The submitted articles should always conform to CARSA's house style. As the journal develops, it is envisaged that it will contain full-length articles, shorter debates, book reviews and software reviews. The following information is provided regarding the length of articles:

- full-length articles should not exceed a word count of 8000 (tables excluded)
- shorter articles (in the form of shorter debates) should not exceed a word count of 3000 (tables excluded)
- book reviews should not exceed a word count of 1000
- software reviews should not exceed a word count of 3000

Tables, figures, illustrations and references are excluded from the word count. Book reviews and software reviews will be initiated by the editor and review editors. They will commission individuals to do the reviews. Prospective authors are expected to abide by language guidelines regarding issues of gender and race and disability.

Empirical research should adhere to acceptable standards of descriptive and inferential statistics and empirical data should be manipulated statistically using an acceptable statistical program such as the Statistical Package for the Social Sciences (SPSS) or SAS. The inferences regarding qualitative analysis should also be accompanied by an explanation of the techniques used or should utilise statistical packages such as SQR.NUD.IST which are recognised for this type of analysis.

Copyright policy and author's rights

Once an article has been accepted for publication, the author automatically agrees to the following conditions. All work published in CARSA is subject to copyright and may not be reproduced, in whole or in part, in any manner or in any medium without the written consent of the editor, unless no charge is made for the copy containing the work, and provided the author's name and place of first publication appears in the work. Authors assign copyright to CARSA.

Non-exclusive rights for contributions to debates and comments to articles are requested so that these may also appear in CARSA. The moral right of the author to his or her work remains with the author. Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or oral data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

Notes for contributors

Articles that appear in CARSA are subject to the usual academic process of anonymous peer reviewing. The articles that are written by the editorial staff will be refereed by independent referees. Electronic submission of articles by E-mail should be done in one of the following:

(A) MS Windows, Word (B) WordPerfect (C) Plain ASCII File format.

Figures, maps, and photographs should be submitted on disk in any standard format.

Authors should submit their work to SAPSAC.

Authors who are unable to submit their work electronically should despatch three copies to the postal address. Before submission, articles should have been corrected for errors, edited and should be accurate.

It is the responsibility of the author that articles should be language and technically edited, before submission.

Style

Main headings should be typed in upper case and begin at the left margin. No indentation is allowed. Dates should be written as follows: 9 January, 2000. Bold, italics and underscore should be formatted as such in the original document. The recommended style for reference purposes is the abbreviated Harvard technique, for example, "Child abuse is rising (Author 1999:10)" OR "According to Author (1999:10), child abuse is rising". In the case of legal articles, footnotes will be allowed.

To work toward uniformity in the alphabetical bibliography at the end of an article, the following examples of format are given:

Books:

Kuehnle, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.

Articles:

Collings, SJ & Payne, MF. 1991. Attribution of causal and moral responsibility to victims of father-daughter incest: an exploratory examination of five factors. *Child Abuse and Neglect* (15)4:513-521.

Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or written data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

Non-sexist language

Gender specific nouns and pronouns should not be used to refer to people of both sexes. The guidelines on sexist, racist and other discriminatory language should be observed. The following is intended to assist contributors to refrain from sexist language by suggesting non-sexist alternatives.

Sexist: Each respondent was asked whether he wanted to participate. The child should have enough time to familiarise himself with the test.

Non-sexist: Respondents were asked whether they wished to participate. Enough time should be allowed for the child to become familiar with the test.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	I
OPSOMMING	II
SUMMARY	III
VOORWOORD	IV
VOORSKRIF AAN OUTEURS	V
INHOUDSOPGAWE	VIII
OPENBAARMAKING VAN SEKSUELE MISBRUIK GEDURENDE JONG VOLWASSENHEID	1
ABSTRACT	1
1. INLEIDING	1
2. PROBLEEMSTELLING	2
3. DOELSTELLING	6
4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	6
5. METODOLOGIE	6
5.1 LITERATUURSTUDIE	6
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK	7
5.2.1 NAVORSINGSONTWERP	7
5.2.2 RESPONDENTE	7
5.2.3 MEETINSTRUMENT	8
5.2.4 ETIESE ASPEKTE	8
5.2.5 DATAVERWERKING	10
5.2.6 PROSEDURES	10
6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	111
6.1 OPENBAARMAKING	111
6.2 SEKSUELE MISBRUIK	122
6.3 JONG VOLWASSENHEID	13
7. LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK	14
8. BESPREKING VAN RESULTATE	14
8.1 AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE	14
8.1.1 <i>Algemene ouderdom en geslag van die respondente</i>	14
8.1.2 <i>Algemene taal van die respondente</i>	16
8.1.3 <i>Die rasse-klassifikasie van respondente</i>	17
8.2 AFDELING B: KENNIS OOR SEKSUELE MISBRUIK	18
VRAAG 1: DIE BEGRIP 'KINDERSEKSUELE MISBRUIK'	18
<input type="checkbox"/> <i>Seksuele aktiwiteite</i>	18
<input type="checkbox"/> <i>Toestemming</i>	19
<input type="checkbox"/> <i>Omskrywing van 'n kind of slagoffer</i>	19
<input type="checkbox"/> <i>Omskrywing van 'n oortreder</i>	20
<input type="checkbox"/> <i>Kinderseksuele misbruik as proses</i>	20
VRAAG 2: DIE LANGTERMYNEFFEK VAN SEKSUELE MISBRUIK OP KINDERS	21
<input type="checkbox"/> <i>Interpersoonlike verhoudings</i>	21
<input type="checkbox"/> <i>Gedrag</i>	22

<input type="checkbox"/> <i>Denke:</i>	24
8.3 AFDELING C: ONDERSTEUNINGSISTEME EN HULPBRONNE.....	26
VRAAG 3: VERTROUELINGE VIR OPENBAARMAKING VAN SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS	26
<input type="checkbox"/> <i>Gesin of familie:</i>	27
<input type="checkbox"/> <i>Vriende:</i>	28
<input type="checkbox"/> <i>Professionele persone:</i>	29
VRAAG 4: VOORKEURE IN BESKIKBARE ONDERSTEUNINGSISTEME.....	30
<input type="checkbox"/> <i>Vriend(e):</i>	31
<input type="checkbox"/> <i>Onderwyser:</i>	32
<input type="checkbox"/> <i>Nie-misbruikende ouer:</i>	33
<input type="checkbox"/> <i>Ander professionele persone:</i>	34
<input type="checkbox"/> <i>Onbekende persoon of vreemdeling:</i>	34
<input type="checkbox"/> <i>Die SAPD:</i>	35
VRAAG 5: DIE BESKIKBAARHEID VAN EFFEKTIEWE ONDERSTEUNINGSISTEME IN DIE GEMEENSAP.....	36
Vraag 6: <i>Ideale omstandighede vir die openbaarmaking van seksuele misbruik.....</i>	38
<input type="checkbox"/> <i>Tyd:</i>	38
<input type="checkbox"/> <i>Omgewing:</i>	39
<input type="checkbox"/> <i>Persoon:</i>	40
VRAAG 7: DIE INGELIGTHEID VAN DIE GEMEENSAP OOR DIE SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS	42
VRAAG 8: MOTIVERING VIR DIE REAKSIE OP VRAAG 7	43
<input type="checkbox"/> <i>Ja</i>	43
<input type="checkbox"/> <i>Nee</i>	44
<input type="checkbox"/> <i>Onseker</i>	45
8.4 AFDELING D: JONG VOLWASSENHEID.....	46
Vraag 9: <i>'n Omskrywing van die begrip 'Jong volwassenes'</i>	46
VRAAG 10: REDES VIR VERTRAAGDE OPENBAARMAKING VAN SEKSUELE MISBRUIK.....	48
<input type="checkbox"/> <i>Vrees en geheimhouding:</i>	48
<input type="checkbox"/> <i>Oningeligtheid:</i>	49
<input type="checkbox"/> <i>Gevoel van onsekerheid en skuld:</i>	51
<input type="checkbox"/> <i>Verwerking van trauma:</i>	52
VRAAG 11: IDEES VIR DIE OPRIGTING, BEMARKING EN/OF BEWUSMAKING VAN HULPBRONNE VIR JONG VOLWASSE SLAGOFFERS VAN SEKSUELE MISBRUIK AS KIND.....	53
<input type="checkbox"/> <i>Lesings, praatjies en veldtogte</i>	53
<input type="checkbox"/> <i>Koerante, radio en ander audio-visuele materiale</i>	54
<input type="checkbox"/> <i>Internet</i>	55
<input type="checkbox"/> <i>Groepwerk</i>	56
9. GEVOLGTREKKINGS.....	599
10. AANBEVELINGS.....	62
11. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING	63
12. VERWYSINGS.....	64

ADDENDUMS	70
ADDENDUM A: AFRIKAANSE VRAELYS AAN JONG VOLWASSE STUDENTE	70
ADDENDUM B: ENGELSE VRAELYS VIR JONG VOLWASSE STUDENTE	75

LYS VAN HISTIOGRAMME

HISTOGRAM 1:OUDERDOM EN GESLAG	15
HISTOGRAM 2:TAAL VOORKEUR.....	16
HISTOGRAM 3:PERSEPSIES BESKIKBAARHEID VAN HULPBRONNE.....	36
HISTOGRAM 4:PERSEPSIES INGELIGTHEID VAN GEMEENSKAP	42

LYS VAN DIAGRAMME

SIRKEL DIAGRAM 1:RASSE KLASSIFIKASIE	17
SIRKEL DIAGRAM 2:ONDERSTEUNINGSISTEME.....	31

OPENBAARMAKING VAN SEKSUELE MISBRUIK GEDURENDE JONG VOLWASSENHEID

Jomien Amoraal, Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) werksaam as maatskaplike werker by die Christelike Maatskaplike Raad, Benoni

Prof Cornelia Wessels, Dosent by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

ABSTRACT

Childhood sexual abuse has a longterm effect on the life of the adult victim. This study sets out to establish the reasons why victims only disclose their experiences of child sexual abuse when they are young adults. The perspectives of 24 young adult students studying social work at the Potchefstroom campus of the North-West University are used for the purposes of this study. Certain resources need to be in place in order for the community to support and motivate victims of child sexual abuse in disclosing the abuse, and will also be discussed throughout the study. The importance of the awareness of the community regarding child sexual abuse is also discussed. Recommendations are made regarding the contents of this study and for further research regarding the disclosure of child sexual abuse.

1. INLEIDING

Kinderseksuele misbruik is 'n maatskaplike probleem wat sover terugdateer as die antieke Griekse en Romeinse tyd. Dit word gevind in alle vlakke van die samelewing, en van die rykste tot die armste gemeenskappe word hierdeur geraak. Die kort- en langtermyn effekte wat dit op die slagoffer kan hê, is onstellend (Ah Hing, 2010:11). Navorsing wat gedoen is oor die dinamika van kinderseksuele misbruik help kundiges in die maatskaplikewerk-professie om slagoffers te ondersteun in die openbaarmaking van die misbruik en om meer effektiewe programme op te stel vir die voorkoming en bewusmaking van kinderseksuele misbruik.

Hierdie artikel fokus primêr op die persepsies van jong volwassenes rakende die openbaarmaking van kinderseksuele misbruik. Die doel van die studie is om vas te

stel waarom persone wat as kind seksueel misbruik is eers in hulle jong volwasse lewensfase bereid is om daaroor te praat, asook watter hulpbronne beskikbaar is vir hierdie slagoffers.

Respondente vir die doeleindes van hierdie studie is geneem uit van die tweedejaarsklas maatskaplikewerk-studente aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Die bevindinge van die studie is ontleen uit die resultate wat verkry is vanuit self-opgestelde, groepgeadministreerde vraelyste wat voltooi is deur 24 jong volwasse maatskaplike werkstudente. Aanbevelings word gedoen rakende die nodige hulpbronne vir die ondersteuning van slagoffers van kinderseksuele misbruik in die openbaarmakingsproses. Aanbevelings rondom verdere navorsing word ook gedoen, soos onder andere die insluiting van meer manlike respondente om te bepaal of daar beduidende verskille bestaan tussen die vroulike en manlike jong volwassenes se persepsies oor kinderseksuele misbruik.

2. PROBLEEMSTELLING

Kinderseksuele misbruik is 'n globale verskynsel wat beskou word as een van die grootste maatskaplike probleme van die 21ste eeu. Dit het 'n lewenslange effek op die slagoffers omdat seksuele misbruik groot ontwrigting veroorsaak in die lewens van hierdie kinders (Ah Hing, 2010:11).

Spies (2009:17) beskryf kinderseksuele misbruik soos volg: "*Sexual abuse includes any contact or interactions between a child and an adult in which the child is sexually stimulated or is being used for the sexual stimulation of the perpetrator*". Seksuele misbruik sluit in seksuele penetrasie, seksuele aanraking, of nie-kontak seksuele dade soos voyeurisme, pornografiese fotografie, seksuele gebare, of ontbloting van genitalieë. Dit sluit ook in kontak seksuele dade soos betasting, felatio, cunnilingus, annilingus, digitale penetrasie, masturbasie van die kind deur die oortreder, of masturbasie van die oortreder deur die kind, vaginale of anale omgang en alle ander variasies van seksuele kontak (Francesco *et al.*, 2008:238; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:177-178).

Volgens Zastrow en Kirst-Ashman (2004:178) is daar rakende seksuele misbruik bepaal dat ten minste 20-25% van vroue en 5-15% van mans moontlike slagoffers van seksuele misbruik kan wees. Spies (2009:17) voeg by dat die meeste slagoffers van seksuele misbruik vroulik is en dat die meeste seksuele oortreders manlik is.

Seksuele misbruik kan 'n eenmalige seksuele aktiwiteit insluit, asook aktiwiteite wat plaasvind oor 'n tydperk van verskeie jare.

Spies (2009:17) verwys na die proses van kindermisbruik as: *"being trapped as a child, like a small animal cornered by a predator."* Seksuele oortreders is op soek na passiewe, eensame of probleemkinders, en veral jonger kinders op wie daar staat gemaak kan word om 'n geheim van 'n misbruikende verhouding stil te hou. Hierdie kinders se vertrouwe en vermoëns om intimiteit te deel, word deur die misbruik vernietig; hulle voel verantwoordelik vir die misbruik omdat daar soms nie druk of dreigemente gebruik word deur die volwassene nie. Eers namate die kinders ouer word, besef hulle dat hulle magteloos was om hulself teen die misbruik te beskerm en dat hulle nie verantwoordelik is vir dit wat aan hulle gedoen is nie (Barlow & Durand, 2005:369; Schutte, 2000:9).

Daar bestaan verskeie mites wat poog om die gevaar wat seksuele misbruik vir die kind inhou, weg te redeneer. Hierdie mites wil mense oortuig dat seksuele misbruik 'n positiewe effek het op die kind: *"children experience love, pleasure, and physical affection when they are the victims of incest"* (DeMarni Cromer & Freyd, 2007:14). Hierdie mites word verder sterk deur aktivistiese pedofielgroepe soos te sien op *"The Pedophile Education"* Webtuiste of Ipce (McDonald, 2010:7) wat dit duidelik in sy "Pedo Credo" stel dat kinders seksuele wesens is en verligting nodig het wat bereik kan word met die hulp van pedofiele. Ten spyte van bogenoemde bewyse dat kinderseksuele misbruik skadelik is vir kinders, word dit steeds deur sommige wetenskaplike outeurs beskou as skadeloos (DeMarni Cromer & Freyd, 2007:14).

Kinderseksuele misbruik het geweldige nagevolge vir kinders. Baie van die slagoffers het regdeur hulle kinderjare en volwasse lewens enorme skuldgevoelens en hou hulself verantwoordelik vir hulle viktimisering. 'n Lae selfbeeld, kliniese depressie en 'n onvermoë om positiewe en bevredigende persoonlike en seksuele verhoudings te hê, is maar net 'n paar van die kenmerke van baie slagoffers (Schutte, 2000:9).

Volgens Francesco *et al.* (2008:241) word die voorkoms van seksuele risikogedrag verhoog in kinders met 'n geskiedenis van seksuele misbruik. Adollesente wat 'n geskiedenis van seksuele misbruik het, in vergelyking met diegene wat nie so 'n geskiedenis gerapporteer het nie, is meer geneig om seksuele aktiwiteite voor die

ouderdom van 14 jaar te inisieër. Hierdie adolessente het gewoonlik drie of meer seksuele maats in die laaste drie maande gerapporteer en 'n geskiedenis van seksuele oordraagbare siektes is algemeen. Tydens 'n studie wat onderneem is deur Ngcobo en Pillay (2008:133,134), met respondente tussen die ouderdomme van 19 en 64 jaar, word seksuele misbruik van kinders ook beskou as 'n groot risiko-faktor vir depressie by vroue. Daar is 'n groot aantal mans wat tot in hulle volwasse jare negatief geaffekteer word as gevolg van hul seksuele molestering as kind. Seksuele misbruik van kinders het dus langtermyn-effekte op die persoon wat as kind seksueel misbruik is en dit kan strek tot in sy of haar jong volwasse jare.

Zastrow en Kirst-Ashman (2004:226) beskou jong volwassenes as persone tussen die ouderdom van 18 tot 30 jaar. Hierdie is die tydperk nadat volle fisiese groei bereik is en mense hulself vestig in die volwasse wêreld. Volgens Baucum en Craig (2001:14-16) strek die volwasse jare in geïndustrialiseerde nasies vir ongeveer driekwart van hul lewensduur. Daar word onderskeid getref tussen drie ouderdomsfases: jong volwassenheid (20's en 30's), middel volwassenheid (40's en 50's), asook latere volwassenheid (60 of 65 en ouer).

In die jong volwasse fase behels die ontwikkelingstake hoofsaaklik om 'n gesin te begin en 'n beroepslewe te vestig. Volwasse ontwikkeling kan dus beskryf word in die konteks van drie aparte, maar interaktiewe sisteme wat fokus op verskeie aspekte van die self. Dit sluit in die ontwikkeling van die persoonlike self, die self as 'n gesinslid (volwasse kind, lid van 'n paartjie, en 'n ouer) en die self as werker (Baucum & Craig, 2001:473). Dit behels dus 'n proses van onafhanklikheidwording waar die kind leer om afsonderlik van sy ouers te kan funksioneer binne die gemeenskap. Hierdie proses behels hoofsaaklik die aanleer van emosionele, sosiale en ekonomiese onafhanklikheid. (1) Emosionele en sosiale onafhanklikheid, waar die jong volwassene minder afhanklik raak van die ouers vir sosiale en psigologiese ondersteuning en meer selfgerig raak; asook (2) funksionele of ekonomiese onafhanklikheid wat verwys na die jong volwassene se vermoë om homself finansiëel te ondersteun en om te sien na daaglikse versorgingstake wat die aanleer van beroepsvaardighede insluit. Daarby ontwikkel die jong volwassene (3) houdings, waardes en geloofsteme wat kan verskil van die van sy ouers (Baucum & Craig, 2001:476; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:283). Kinderseksuele misbruik kan egter 'n negatiewe effek hê op die ontwikkelingsproses van die jong volwassene.

Volgens Witchel (1988:1) het die geheimhouding van seksuele misbruik ook 'n negatiewe impak op die kind in sy of haar latere jong volwasse jare: "*When the incest remains a secret, it interferes with many of the developmental tasks faced by college students. Positive feelings about self, productive relationships with others, and healthy life skills are frequently hindered by unresolved incestuous memories*". Hierdie negatiewe impak van kinderseksuele misbruik op die gesondheid asook die voordele van openbaarmaking is al vroeër na verwys: "*Disclosure of sexual abuse is usually regarded as beneficial to the exposed child*" (Priebe & Svedin, 2008:1096). Openbaarmaking is volgens die slagoffer veral voordelig indien hy of sy daarna die nodige ondersteuning ontvang. Onlangse navorsing oor openbaarmaking wys dat dit 'n moeilike en traumatiese ervaring is vir beide die kind en die volwasse slagoffer (Schutte, 2000:10). Volgens Foynes *et al.* (2009:210) openbaar minder as een uit vier slagoffers die misbruik onmiddellik na die afloop van die ervaring. Die meeste navorsing toon dat 'n nabye verhouding tussen die slagoffer en oortreder veroorsaak dat die moontlikheid van openbaarmaking afneem.

Openbaarmaking van kinderseksuele misbruik is moeilik vir volwasse slagoffers wat, nadat hulle die molestering aan hulle ouers geopenbaar het, nie die nodige ondersteuning van die ouers af gekry het nie. Slagoffers vrees dan dat die molestering geminimaliseer of geïgnoreer sou word net soos in die geval van hul oueropenbaarmaking. Die gesin word egter steeds volgens Evans en Poole (1991:265), algemeen beskou as die belangrikste aspek in die lewens van jong volwassenes en word verder beskou as die vernaamste hulpbron. Baucum en Craig (2001:476) het bevind dat vroue en mans van alle ouderdomme voel dat hulle gesinsrolle baie belangrik is in die definiëring van hul eie identiteit: "*Any individual views his or her family as an extremely important context for adult development*", hetsy of dit 'n positiewe of negatiewe rol gespeel het.

Volwasse slagoffers van kinderseksuele misbruik lewer gereeld getuienis oor die belangrikheid van ander mense in hulle lewens. Hulle verduidelik byvoorbeeld, dat hulle nie in isolasie sou kon herstel nie. Hulle glo beide formele en informele ondersteuningsnetwerke/hulpbronne word benodig vir herstel, omdat dit 'harde werk' verg om te herstel van kinderseksuele misbruik. Om die herstelproses te ondersteun moet kundiges luister na hulle kliënte se stories rakende kinderseksuele misbruik en

die intensiteit van emosies wat daarmee gepaard gaan, kan hanteer (Anderson & Hiersteiner, 2008:420-421).

Dit is dus belangrik dat daar aandag gegee word aan die nodige wat beskikbaar is vir jong volwassenes wat slagoffers was van kinderseksuele misbruik. Deur te bepaal aan watter persone hierdie slagoffers die misbruik sal openbaar, kan gekyk word na die eienskappe wat benodig word vir effektiewe openbaarmaking.

Die volgende navorsingsvrae het ontwikkel uit die voorafgaande inligting:

- Waarom is persone wat gemolesteer is eers in hulle volwasse lewensfase bereid om oor hulle seksuele misbruik te praat?
- Watter hulpbronne is beskikbaar vir slagoffers wat seksueel misbruik is?

3. DOELSTELLING

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel waarom persone wat as kind seksueel misbruik is eers in hulle jong volwasse lewensfase bereid om daaroor te praat, asook watter hulpbronne beskikbaar is vir die slagoffers.

4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Indien die nodige hulpbronne beskikbaar is vir kinderslagoffers van seksuele misbruik sal hulle dalk vroeër in hulle lewe seksuele misbruik openbaar en die nodige hulp kan ontvang.

5. METODOLOGIE

5.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie dien as 'n raamwerk vir die navorsing. Volgens Rubin en Babbie (2001:120) is dit belangrik om 'n literatuurstudie te onderneem, aangesien dit beter insig in die dimensies en kompleksiteit van die onderwerp sal verleen. Dit gee die navorser meer insig oor die onderwerp en dien as basis om die studie in perspektief te plaas. Die Ferdinand Postma Biblioteek aan die Noordwes-Universiteit is as hulpbron benut om die nodige literatuur te bekom. Verskeie artikels wat handel oor forensiese maatskaplike werk, die jong volwassenheidsfase, en seksuele misbruik van kinders, is bestudeer. Navorsingspublikasies, boeke en tydskrifte is tydens die ondersoek geraadpleeg. Databasisse wat geraadpleeg is: EBSCOHost Web,

Sabinet, ScienceDirect, en SaePublications. Internet data-basisse soos Googlesearch is ook gebruik.

5.2 Empiriese ondersoek

5.2.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsproses is die proses waar volgens data ingewin word om die hipotese ter sprake, te ondersoek of die navorsingsdoel te verwesenlik (New Dictionary of Social Work, 1995:37). Vir die doel van die ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n kombinasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes. Die verkennende navorsingsontwerp is gebruik om meer inligting oor die navorsingsonderwerp te bekom, aangesien daar beperkte inligting beskikbaar is en min navorsing daarvoor onderneem is binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Volgens Rubin en Babbie (2001:123) het die verkennende navorsingsontwerp die volgende doelwitte:

- Die navorser ondersoek 'n nuwe veld, in dié geval forensiese maatskaplike werk.
- Die onderwerp van die studie is relatief nuut en min navorsing is al daarvoor gedoen.
- Daar word deur die navorser gepoog om 'n volledige studie te onderneem.
- Die onderwerp moet verken word en reeds bestaande inligting en feite moet uitgebrei word.

5.2.2 Respondente

Die respondente vir die studie is geselekteer vanuit die studie-bevolking. Bailey (1994:83) beskou die term studie-bevolking as: *“a subset or portion of the total population”*. Grinnell en Williams (1990:118) verduidelik ook wat die konsep studie-bevolking beteken en definieër dit as: *“the totality of persons or objects with which a study is concerned”*. Met die gemengde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerp is daar op die tweede- en derdejaarstudente in maatskaplike werk aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) gefokus. Die navorser is van mening dat studente wat as maatskaplike werkers studeer, 'n goeie keuse was as

respondente vir die studie, aangesien hulle juis in 'n rigting studeer waar geleer word oor seksuele ontwikkeling, seksuele afwykings, ouer-kindverhoudings, asook die verskillende fases van ontwikkeling, insluitend die kinderjare en jong volwasse lewe. Die klasse was ook intiem genoeg vir goeie terugvoer. Daar is gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef om respondente te verkry vir die studie deur selfopgestelde vraelyste uit te deel aan hierdie maatskaplikewerk-studente tydens klas by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Volgens De Vos *et al.* (2005:202) word die doelgerigte steekproef gebaseer op die oordeel van die navorser, deurdat 'n steekproef saamgestel word vanuit elemente wat die mees karakteristieke, verteenwoordigende of tipiese kenmerke van die populasie verteenwoordig. Daar is aanvanklik beoog om sowat 50 respondente te betrek, maar net 24 vraelyste is voltooi en terugbesorg aan die navorser.

5.2.3 Meetinstrument

Daar is tydens die ondersoek gebruik gemaak van self-opgestelde, groepgeadministreerde vraelyste ("*Group Administered Questions*") wat aan die studente tydens 'n maatskaplikewerk-klas by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) uitgedeel is. Volgens De Vos *et al.* (2005:169) is die grootste voordeel van die groepgeadministreerde vraelys dat dit baie kostes en tyd spaar, aangesien 'n groep respondente dieselfde hanteer word en aan dieselfde stimulus blootgestel word.

Die vraelys bestaan uit vrae van 'n kwantitatiewe aard, soos multikeuse vrae, ja/nee-vrae en ratioskaal vrae, asook vrae van 'n meer kwalitatiewe aard, soos ooplangvrae en eie opinies. Sodoende kon die respondente beide kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting weergee. Die vraelys is in beide Afrikaans en Engels opgestel in samewerking met die Statistiese Konsultasie Dienste van die Noordwes-Universiteit.

5.2.4 Etiese aspekte

Tydens die navorsingstudie is daar aandag gegee aan die volgende etiese aspekte, soos uiteengesit in De Vos *et al.* (2005:58-67):

- **Vermyding van skade**

Respondente kan op 'n emosionele en fisiese wyse skade berokken word tydens 'n navorsingstudie. Dit is die verantwoordelikheid van die navorser om te verseker dat die respondente teen sodanige skade beskerm word wat mag voortspruit uit die studie. Die navorser moet dit egter vermy om nie oorsensitief te wees vir moontlike skade wat die respondente berokken kan word nie, aangesien dit die verkryging van moontlike waardevolle inligting kan verhoed. Die navorser kan nie blindelings 'n navorsingstudie aanpak sonder om vooraf goeie beplanning rondom die etiese aspekte daarvan te doen nie.

- **Beskerming van privaatheid, anonimiteit en konfidensialiteit**

Die privaatheid, konfidensialiteit en anonimiteit van die respondente is baie belangrike etiese kwessies wat die regte van die respondent en enige ander betrokkenes beskerm. Daar is nie van die respondente verwag om hulle name op die self-opgestelde vraelyste aan te bring nie, juis sodat hulle identiteit privaat gehou kon word en om te alle tye konfidensialiteit te verseker.

- **Ingeligte toestemming**

Dit behels deelname uit vrye wil, waar die respondente bewus is van die voordele en nadele van deelname aan die studie. Respondente is bewus gemaak van die geloofwaardigheid van die navorser en kon ter enige tyd besluit om deelname aan die studie te staak. Die respondente is tydens die klas ingelig oor die doel van die navorsing en die moontlike publikasie van die bevindinge wat verkry sou word. Die respondente is nie verplig om die self-opgestelde vraelyste in te vul nie.

- **Misleiding van respondente**

Die navorser het verseker dat feite wat aan die respondente gegee is, nie verdraai is nie en respondente is nie mislei tydens die ondersoek nie. Misleiding van respondente sou aspekte behels soos die weerhouding van die ware doel van die studie; die ware funksie van die aksies van respondente; en/of die emosies wat respondente sou ondervind tydens die studie.

- **Aksies en bevoegdheid van navorser**

Die navorser was bekwaam genoeg om die navorsing uit te voer en beskik oor die nodige vaardighede. Kundiges in die versorgingsprofessie word opgelei om nie hulle eie persoonlike waardesisteme op kliënte of pasiënte af te dwing nie.

- **Ontlading van respondente**

Emosionele ontlading van respondente is 'n noodsaaklike etiese kwessie wat aandag behoort te geniet by so 'n intense onderwerp. Dit is 'n geleentheid waartydens respondente se ervarings deurgewerk kan word ten einde moontlike skade deur die navorsingsproses veroorsaak, tot die minimum te beperk (Strydom, 2011:122). Die respondente is die geleentheid gegun om 'n onderhoud te reël met die navorser indien hulle dit nodig sou vind om hulle emosionele behoeftes ten opsigte van die ondersoek te bespreek.

- **Voorlegging aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit**

Die navorser se voorlegging is aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit voorgelê vir etiese goedkeuring en toestemming is vooraf verkry om voort te gaan met die navorsingstudie.

5.2.5 Dataverwerking

Die kwalitatiewe vrae is per hand deur die navorser verwerk en in die vorm van temas weergegee. Die kwantitatiewe data is georganiseer deur gebruik te maak van histogramme om sodoende ooreenkomste en verskille te identifiseer.

5.2.6 Prosedures

Die volgende navorsingsprosedures is gebruik vir die afhandeling van die navorsingsprojek:

- Toestemming is verkry van die Vakhoof van Maatskaplike Werk van die Noordwes-Universiteit om die studie te onderneem.
- Die vraelys is in beide Engels en Afrikaans opgestel en goedgekeur deur die Statistiese Konsultasie Dienste van die Noordwes-Universiteit.

- Die vraelyste is uitgedeel in 'n tweedejaarsklas in maatskaplike werk aan die Noordwes-Universiteit en die vraelyste is weer terugbesorg aan die navorser vir die verwerking van die resultate.

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

6.1 Openbaarmaking

In terme van hierdie navorsingsondersoek verwys die begrip 'openbaarmaking' na die openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders. Daar bestaan twee tipes openbaarmaking, naamlik doelbewuste en toevallige openbaarmaking. Toevallige openbaarmaking vind plaas wanneer 'n kind per ongeluk die seksuele misbruik erken eerder as om 'n doelbewuste poging aan te wend om dit te openbaar. Doelbewuste openbaarmaking vind plaas wanneer 'n kind bewustelik en opsetlik besluit om die seksuele misbruik te erken (Sgroi *et al.*, 1982:2). Volgens Sorenson en Snow (1991:4) bestaan die openbaarmaking van seksuele misbruik uit twee fases naamlik tentatiewe en aktiewe openbaarmaking. Tentatiewe openbaarmaking verwys na die kind se gedeeltelike of vae erkenning van 'n seksueel misbruikende aktiwiteit. Aktiewe openbaarmaking verwys na 'n persoonlike uitlating wat gemaak word deur die kind rakende die ervaring van 'n spesifieke seksueel misbruikende aktiwiteit. Ontkenning van die seksuele misbruik is 'n gereelde reaksie wanneer die kind te bedreig, verskrik of onveilig voel om die misbruik te erken. Daar is ook gevalle waar kinders reeds die seksueel misbruik erken het, maar dit dan terugtrek omdat hulle gedwing en bedreig voel deur hulle familieledede, die oortreder of deur die hofverrigtinge.

Die openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders kan beskryf word as 'n proses: Openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders is 'n proses eerder as 'n gebeurtenis (Sorenson & Snow, 1991:4). Die algemene aanname dat meeste misbruikte kinders die vermoë het om dadelik tydens 'n eerste onderhoud 'n aktiewe openbaarmaking in besonderhede te verskaf, word nie ondersteun nie. Meeste ondersoekende protokol is ontwerp om slegs gebruik te word vir kinders wat 'n aktiewe openbaarmaking verskaf. Die ondersteuning wat kliniese, beskermende en ondersoekende sisteme kinders kan bied tydens die openbaarmakingsproses word ook al hoe meer beperk deur kinders se sensitiwiteit tot suggestie, valse aanklagtes en beïnvloeding. Die kind se omstandighede kan egter meer akkuraat gereflekteer

word deur gebruik te maak van terminologie wat openbaarmaking as 'n 'dinamiese proses' beskryf. Dit kan ook ondersteuningsisteme se reaksies op die openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders verbeter.

6.2 Seksuele misbruik

Daar bestaan tans nie 'n universele definisie vir seksuele misbruik van kinders nie, maar sekere elemente daarvan word altyd ingesluit in die definisies.

Die Kinderwet, Wet 38 van 2005, soos gewysig deur Wet 41 van 2007 (South Africa, 2007:15) verwys na seksuele misbruik van kinders as:

- (a) Die seksuele molestering of aanranding van 'n kind of die toelating dat 'n kind gemolesteer of aangerand word.
- (b) Die motivering, indusering of forsering van 'n kind om gebruik te word vir die seksuele bevrediging van 'n ander persoon.
- (c) Die gebruik van 'n kind in, of die moedswillige blootstelling van 'n kind aan seksuele aktiwiteite of pornografie.
- (d) Die verskaffing of toestemming dat 'n kind gebruik word vir kommersiële seksuele uitbuiting of in enige manier deelneem aan, of hulpverleen in die kommersiële seksuele uitbuiting van 'n kind.

Volgens Bosman-Sadie & Corrie (2010:12) moet die volgende elemente teenwoordig wees voordat seksueel misbruikende gedrag geïdentifiseer kan word:

- Die betrokke kind moet onder die ouderdom van toestemming wees (onder 18 jaar) en nie ontwikkelingsvolwasse genoeg wees om die betekenis van die seksuele aktiwiteit te verstaan nie.
- Die oortreder is in 'n posisie van mag en het beheer oor die kind.
- Seksuele aktiwiteite lei tot die bevrediging van die seksuele volwasse persoon.
- Kontak seksuele misbruik behels die aanraking van die seksuele areas van of die kind se liggaam of die oortreder se liggaam; asook
- Nie-kontak seksuele misbruik wat seksuele praterij en voyeurisme mag insluit.

Seksuele misbruik van kinders kan dus opsommend soos volg beskryf word: Seksuele misbruik van kinders vind plaas wanneer iemand met gevorderde kennis, ouderdom of mag, 'n meer naïewe, weerlose of swakker persoon in 'n geseksualiseerde verhouding plaas sonder toestemming. Omdat kinders egter nie weens hulle ouderdom en onvolwassenheid toestemming kan gee vir seksuele dae nie, raak enige geseksualiseerde interaksies met kinders outomaties misbruiking. Hierdie interaksies sluit in direkte geseksualiseerde kontak, asook meer indirekte nie-kontak gebeurtenisse soos afloerdery, ekshibisionisme en frottage, wat ook as misbruiking beskou kan word. Hierdie interaksies vind plaas in 'n atmosfeer waar geheimhouding onderhou is omdat die meer gesofistikeerde oortreder weet dat geheimhouding noodsaaklik is.

6.3 Jong volwassenheid

Jong volwassenheid word deur Louw *et al.* (2005:478,518) soos volg beskryf: Vroeë volwassenheid strek vanaf die ouderdom 17 tot 45 jaar waartydens individue emosioneel en finansiëel onafhanklik van hulle ouers begin raak en volwasse rolle begin aanneem. Die fase van jong volwassenheid behels:

- die definiëring van doelstellings wat jong volwassenes vir hulself stel ten opsigte van wat hulle wil bereik in hul lewe;
- die verkryging van 'n mentor of rolmodel wat gewoonlik 'n ouer persoon is wat ondersteuning en leiding aan die jong volwassene bied;
- die ontwikkeling van 'n loopbaan; asook
- die vestiging van intimiteit in die vorm van 'n huwelik of intieme verhouding.

Die begrip 'jong volwassenheid' is ook bekend as vroeë volwassenheid of die nuwelingsfase. Die tydperk van volwassenheid behels die grootste deel van die lewensloop van 'n persoon.

In Suid-Afrika word 'n persoon reeds op 18 jaar as volwasse genoeg beskou om sekere take en pligte te kan onderneem, soos onder andere om stemreg te verkry. Volgens Artikel 17 van die Kinderwet (Wet 38 van 2005, soos gewysig deur Wet 41 van 2007) word 'n kind (hetsy manlik of vroulik) 'n meerderjarige teen die ouderdom van 18 jaar. Volgens Bosman-Sadie en Corrie (2010:32) is die ouderdom van meerderjarigheid binne die grense van hierdie wet verlaag vanaf 21 jaar tot 18 jaar.

Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar, tensy getroud of onthef deur 'n bevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, word dus beskou as 'n kind. Teen die bereiking van 18 jarige ouderdom, word die persoon onthef van enige spesiale beskerming wat toegestaan word in Artikel 28 van die Suid-Afrikaanse Konstitusie, en dit beteken dus die einde van die persoon se kinderjare (Bosman-Sadie & Corrie, 2010:13).

Daar is egter persone wat volgens hulle chronologiese ouderdom beskou word as jong volwassenes, maar egter nog nie emosioneel volwasse is nie.

7. LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Die volgende leemtes kon na afloop van die navorsingstudie geïdentifiseer word:

- Te min vraelyste is terug ontvang vanaf die respondente. Daar is gevolglik gebruik gemaak van net 24 vraelyste in plaas van die aanvanklike beraamde 50 vraelyste.
- Sommige van die respondente het nie al die vrae beantwoord in die vraelyste wat terug ontvang is nie. Die vrae wat nie korrek beantwoord of glad nie ingevul is in die vraelyste moes dus uitgelaat word uit die totale berekening van die resultate van elke vraag.
- Daar is min resente literatuur beskikbaar oor die onderwerp, veral in die Suid-Afrikaanse konteks. Literatuur wat gebaseer is op navorsing gedoen in ander lande soos die Verenigde State of Europa moes dus gebruik word om van die resultate te staaf.


8. BESPREKING VAN RESULTATE

8.1 AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

8.1.1 Algemene ouderdom en geslag van die respondente

Die resultate van die algemene ouderdomme en geslag van die respondente is per hand verwerk en weergegee in die vorm van 'n histogram (Kyk histogram 1 hieronder):

HISTOGRAM 1: OUDERDOM EN GESLAG



Die respondente se ouderdomme strek vanaf 20 jaar tot 23 jaar. Elf respondente (46%) was tussen 20 en 21 jaar oud; drie respondente (8%) was tussen 21 en 22 jaar oud; sewe respondente (29%) was tussen 22 en 23 jaar oud en drie respondente (13%) was ouer as 23 jaar.


Net een van die respondent was manlik (4%) en die ander 23 respondente was vroulik (96%). Die meeste respondente was dus vroulik en tussen 20 tot 21 jaar oud. Navorsing wat gedoen is deur die *National Association of Social Workers* (2002) bevestig dat meeste maatskaplike werkers vroulik is: “A recent survey of NASW members indicates that most NASW regular members are female (79%)”.

Mans kan meer huiwerig wees om kinderseksuele misbruik te openbaar as vroue: “Few of the studies on delay of disclosure examined individual differences. Nonetheless, there are some data on gender differences, suggesting that boys may be more reluctant to disclose than girls... gender differences in disclosure rates may be suppressed by other abuse-related variables associated with gender (e.g. prior disclosure or relationship to perpetrator).” (Bruck et al., 2005:204). Dit sal vir verdere navorsing belangrik wees om te verseker dat meer manlike respondente ingesluit word in die studies, ten einde te verseker dat die verskille tussen die geslagte

aangaande kinderseksuele misbruik ook opgeweeg word teen mekaar. Dit kan moontlik wees dat manlike slagoffers 'n alternatiewe benadering benodig tot ondersteuning in die openbaarmaking en berading van hulle eie seksuele misbruik as kind.

8.1.2 Algemene taal van die respondente

Die algemene taalvoorkeur van die respondente is soos volg in grafiese vorm uitgebeeld in histogram 2:




Veertien respondente was oorwegend Afrikaanssprekend (58.3%), twee respondente Engelssprekend (8.3%); en agt respondente is Setswanasprekend (33.3%).

Geen ander tale is deur die respondente geïdentifiseer as hul taal van keuse nie. Die meeste respondente was dus Afrikaans- en Setswanasprekend. Al die Setswanasprekende respondente het egter die vraelyste in Engels voltooi, aangesien dit net in Engels en Afrikaans beskikbaar was.

8.1.3 Die rasse-klassifikasie van respondente

Die algemene rasse-klassifikasie van die respondente is uiteengesit in grafiese vorm in die onderstaande sirkeldiagram 1:



Daar is drie verskillende rasse geïdentifiseer vanuit die vraelyste se resultate.

Tien respondente was blank (41.7%); elf respondente was swart (41.7%) en drie respondente was kleurlinge (12.5%). Die meeste respondente was swart en blank, terwyl daar net drie kleurlingrespondente was.

Die verskille in ras, taal, ouderdom en geslag van die respondente het tot gevolg dat die navorser 'n breër spektrum opinies van die respondente kon verkry. Kinderseksuele misbruik is nie beperk tot net sekere kulture of geslagte nie: *"In all cultures and ethnical backgrounds and in all its different forms, child abuse has existed and flourished throughout the ages"* (Ah Hing, 2010:34). Die respondente se eie persepsies was hier van belang en omdat hulle vanuit verskillende gemeenskappe kom, kon daar meer inligting oor hulle persepsies van hulle eie gemeenskappe en kulture bekom word.

8.2 AFDELING B: KENNIS OOR SEKSUELE MISBRUIK

Vraag 1: Die begrip ‘Kinderseksuele misbruik’

Die respondente is gevra om te verduidelik wat hulle verstaan onder die begrip ‘kinderseksuele misbruik’. Die doel van hierdie oopvraag was om te bepaal oor watter kennis die respondente beskik het ten opsigte van die betekenis van die seksuele misbruik van kinders.

Die voorkoms van seksuele misbruik van kinders is veral hoog in Suid-Afrika. Daar is bepaal dat sowat ‘n kwart van alle kinders in Suid-Afrika reeds seksueel misbruik is of misbruik gaan word voor hulle die ouderdom van 18 jaar bereik. Baie keer is die oortreder iemand wat bekend is aan die kind, iemand wat die kind normaalweg sou beskerm soos die vader, broer, moeder of enige ander familielid (Ah Hing, 2010:33).

Al die respondente het ‘n goeie begrip getoon van wat die begrip ‘kinderseksuele misbruik’ behels. Verskeie aspekte het egter na vore getree uit die antwoorde wat deur die respondente gegee is:

- **Seksuele aktiwiteite**

Die respondente het deurgaans melding gemaak van seksuele aktiwiteite wat deel uitmaak van hulle definisies van wat kinderseksuele misbruik is. Terme wat gebruik is, is onder andere: molestering, verkragting, seksuele aanranding, orale seks, pornografie, seksuele omgang, prostitusie, asook betasting/aanraking van privaatdele/borste en die plasing van genitalieë in die vagina. Hierdie seksuele aktiwiteite kan dus kontak of nie-kontakdade insluit.

Volgens Sanderson (2006:25) sluit seksuele aktiwiteite die volgende in: *“all types of sexual encounter and behaviour including grooming, sexual suggestive language and gesture, the use of pornography, voyeurism, exhibitionism, fondling, masturbation, digital and penile penetration”*. Seksuele aktiwiteite sluit dus ‘n wye verskeidenheid seksuele daede in wat deel vorm van die definisie van seksuele misbruik van kinders.

- **Toestemming**

Die respondente is van mening dat seksuele misbruik van kinders plaasvind onder dwang en teen die kind se wil. Seksuele misbruik van kinders is volgens die respondente 'n aktiwiteit of aktiwiteite wat plaasvind sonder die kind se toestemming of kennis van wat met hom of haar gebeur en wat daarop gerig is om doelbewuste skade aan te rig aan die kind. Volgens Levin & Strata (1987:58) is pedofiliese gedrag enige seksuele kontak, geforseerd of nie-geforceerd, tussen 'n volwassene en 'n minderjarige. Volgens Howitt (1995:79) is omkoperie die mees algemeenste wyse waarop seks geïnisieer word, terwyl dreigemente nie so algemeen gebruik word nie. Dit is dus moontlik dat die seksuele oortreder 'n kind seksueel kan misbruik sonder om die kind te dwing of van dreigemente gebruik te maak.

- **Omskrywing van 'n kind of slagoffer**

Sommige respondente het vir die doeleindes van die omskrywing van kinderseksuele misbruik, 'n kind omskryf as 'n persoon wat onder die ouderdom van 18 jaar is of wat baie jonk is. Die Kinderwet (Wet 38 van 2005 soos gewysig deur Wet 41 van 2007) ondersteun die respondente se siening dat 'n kind beskryf word as 'n persoon, hetsy manlik of vroulik, onder die ouderdom van 18 jaar, en eers 'n volwassene is op die dag wat hulle 18 jaar oud word (Bosman-Sadie & Corrie, 2010:31).

Volgens 'n studie wat gedoen is deur Conte, Wolf en Smith (Howitt, 1995:80) is seksuele oortreders meer geneig om kinders te teiken met spesifieke fisiese of gedragseienskappe. Kinders met gladde velle, lang hare, wat rokkies dra, of 'n lenige lyf, donker vel, donker hare en 'n fyn gesig het, is meer geneig om as slagoffers geteiken te word. Gedrag soos vriendelikheid en openlikheid is ook genoem as eienskappe waarvoor seksuele oortreders op die uitkyk is voor. Slagoffers is ook meestal klein, lig wat betref hulle massa en op die laagste vlakke van hul seksuele ontwikkeling. Alhoewel 'n oortreder 'n voorkeur kan hê vir 'n spesifieke tipe kind, varieër die aantreklikheidskenmerke van oortreder tot oortreder. So byvoorbeeld verkies sommige oortreders kinders wat uit enkelouerhuise of probleemgesinne kom, terwyl ander weer hulle eie kinders verkies of kinders wat passief en stil is.

- **Omskrywing van 'n oortreder**

Sommige respondente het in hul omskrywing van kinderseksuele misbruik 'n beskrywing van 'n potensiële seksuele oortreder gegee. Hulle beskou die oortreder as 'n ouer persoon of volwassene wie 'n ouer, familielid, vreemdeling of selfs 'n vriend kan wees van die kind. Die respondente was van mening dat die oortreder die kind gebruik om hulle eie seksuele behoefte te bevredig en dat hulle die kind lok deur die kind lekkers of ander belonings aan te bied in ruil vir die seksuele aktiwiteite. Die oortreder wil ook nie die verantwoordelikheid neem vir die uitlokking en uitvoering van die seksuele aktiwiteite nie.

Howitt (1995:33) meen: "*Sexual offenders against children are not obviously different from other people. The most striking characteristic of the parents of abused children who came to therapy groups at the hospital was that they were so ordinary.*" McDonald (2010:2-6) wie na homself ook verwys as 'n pedofiel verduidelik verder: "*A pedophile can be your grandfather, your mother, sister or brother or father. Or perhaps your best friend. Maybe he or she is the best friend of your own child or some child you may know.*" Hierdie stelling ondersteun die respondente se opinies dat 'n oortreder 'n vriend of familielid kan wees. Dit is dus duidelik dat 'n seksuele oortreder enige iemand kan wees en nie soseer tot 'n sekere geslag beperk is nie.

- **Kinderseksuele misbruik as proses**

Een van die belangrike aspekte wat uit die studie na vore getree het, is dat kinderseksuele misbruik 'n 'proses' is. In 'n studie wat gedoen is met seksuele oortreders in Seattle, in die Verenigde State (Howitt, 1995:80) is hulle gevra om 'n handleiding te skryf oor 'hoe om 'n kind seksueel te misbruik'. Sommige van die oortreders ontken dat hulle eers 'n interpersoonlike verhouding met die kinders probeer opbou het en hulle sodoende voorberei het op die seksuele misbruik wat sou volg. Die meeste oortreders het egter verduidelik hoe hulle 'n interpersoonlike verhouding met die kind opgebou het voordat hulle seksuele kontak geïnisieer het: "*Play, talking, giving special attention, trying to get the child to initiate contact with me. Get the child to feel safe to talk with me. From here I would initiate different kinds of contact, such as touching the child's back, head. Testing the child to see how much she would take before she would pull away*". Meeste oortreders het dus hulle slagoffers stadig maar seker voorberei op die seksuele misbruik.

Die respondente se omskrywing van seksuele misbruik van kinders kan dus opsommend beskryf word as seksuele aktiwiteite wat plaasvind tussen 'n kind en 'n oortreder. Dit vind dus plaas sonder die toestemming van die kind wat onder agtienjarige ouderdom is vir die uitsluitlike doel om die seksuele behoeftes van die oortreder te bevredig. Die oortreder kan 'n ouer persoon of vreemdeling wees. Howitt (1995:13) is verder van mening dat kindermolestering gedefinieer kan word as enige seksuele kontak tussen 'n oortreder en 'n slagoffer wie, as gevolg van ouderdom en/of onvolwassenheid, nie wettiglik of realisties in staat is tot die verlening van toestemming vir seksuele kontak as gevolg van 'n tekort aan ware waardering, betekenis of gevolg van die daad. Die spesifieke seksuele daad kan varieër van wedersydse betasting tot seksuele omgang, maar toegang tot die slagoffer word verkry deur dwang, sameswering en misleiding.

Vraag 2: Die langtermynneffek van seksuele misbruik op kinders

Die respondente se menings is gevra rakende die langtermynneffekte wat seksuele misbruik van kinders op die jong volwasse slagoffer kan hê. Die doel van hierdie oopvraag was om die respondente se kennis rondom die langtermynneffekte van seksuele misbruik van kinders te bepaal. Dit blyk uit die antwoorde van die respondente dat kinderseksuele misbruik 'n langtermynneffek het op die interpersoonlike verhoudings, gedrag en denke van die jong volwasse slagoffer.

Sommige respondente se antwoorde is uit die vraelyste aangehaal as voorbeelde wat onder elke aspek bespreek word. Die volgende drie temas het na vore getree:

- **Interpersoonlike verhoudings:**
 - ✓ *“He or she may be withdrawn from people by isolating him or herself from associating with other people.”*
 - ✓ *“Hul het nie vertrouwe in hul eie verhoudings nie en sukkel om verhoudings te onderhou.”*
 - ✓ *“'n Kind wat seksueel misbruik word sal baie sukkel om in 'n verhouding intiem te verkeer en dit sal vir hulle 'n moeilike saak wees om te bespreek.”*

Die slagoffer het nie vertrouwe in sy of haar eie verhoudings nie, sukkel om verhoudings te onderhou en nuwe vertrouensverhoudings te vestig.

Die slagoffer sukkel om byvoorbeeld manlike persone of persone van dieselfde geslag as die oortreder, te vertrou. Slagoffers van seksuele misbruik as kind het 'n wanpersepsie van wat liefde is, is bang om te trou en het 'n vrees vir intimiteit of verwerping. Seksuele probleme word deur hierdie slagoffers in hulle volwasse jare ervaar as gevolg van hul negatiewe houding teenoor seksuele omgang en onstabiele verhoudings kan gevorm word as gevolg van die gebrek aan vertrou. Slagoffers voel hulle moet in beheer wees van die intimiteit in 'n verhouding: *"Intimacy is commonly led by adult and child trauma survivors because the inherent emotional closeness leads to feelings of vulnerability and feelings of loss of control...Intimacy represents a threat, not safety"* (Kendall & Stien, 1998:126).

'n Kind se vertrou tydens die verleidingsproses word gevestig deurdat die oortreder in 90% van die gevalle 'n vriend was vir die kind (Howitt, 1995:79). Die jong volwassene kan dus verward voel aangesien hy of sy as kind in 'n vertrouensverhouding met die oortreder was en ten spyte daarvan het die oortreder die vertrou verbreek deur die kind seksueel te misbruik of te verlei. Hierdie verbreking van vertrou skep vir die slagoffer 'n wantroue in toekomstige verhoudings of vriendskappe en die slagoffer kan 'n wanpersepsie van die liefde vorm.

Slagoffers van seksuele misbruik as kind is geneig om betrokke te raak in verhoudings wat misbruikervarings in hulle verlede weerspieël (Kendall & Stien, 1998:127). Petty (2005:121) toon dat slagoffers van seksuele misbruik as kind: *"have difficulty learning to say "No" in order to protect and assert themselves. This explains why so many survivors are unable to remove themselves from bad or abusive relationships"*.

- **Gedrag:**

- ✓ *"Become overprotective over her children and always making sure they are safe, even when unnecessary."*
- ✓ *"Dit lei daartoe dat kinders hulself verwyd en kontak met die buitewêreld (familie en vriende) vermy."*
- ✓ *"Hul het 'n verkeerde idee van liefde en mag dalk losbandig wees."*

- ✓ *“Kan twee kante toe gaan: Een kant is dat die persoon seksueel losbandig raak en die ander kant is dat die persoon hom heeltemal onttrek van enige seksuele aktiwiteite en gegru word deur selfs net handjies vashou.”*
- ✓ *“That adult could become a pedophile and do the same to other kids, because he/she as a child had the mentality that being sexually abused was right therefore he/she does the same.”*
- ✓ *“Aggressiveness.”*

Die slagoffer kan oorbeskermend optree teenoor sy of haar eie kinders. Navorsing deur Petty (2005:119) het bevind dat: *“As children grow up, parents see themselves in their offspring and consequently fear for their safety and want to protect them”*. Ah Hing (2010:38) noem dat: *“It may also happen that adult survivors of child sexual abuse want to protect their child/ren from experiencing abuse and this often leads to overprotection of the child, thereby not allowing the child to develop and explore his life-world in a healthy manner”*. Slagoffers van misbruik as kind kan dus vrees dat hulle kinders ook dieselfde moet deurgaen en kan die kinders se normale funksionering in die gemeenskap inhibeer as gevolg van hierdie vrees.

Slagoffers isoleer hulself van die gemeenskap omdat hulle daaraan gewoond is om na hulself om te sien en nie weet hoe om ander persone toe te laat om hulle lief te hê nie. Jong volwassenes se sentrale ontwikkelingstaak is om afgesien van die binding met hulle ouers, nuwe verhoudings te vorm met dieselfde of teenoorgestelde geslag van hulle portuur- en/of ouderdomsgroep. Die verhinderende van hierdie proses kan gevoelens van isolasie tot gevolg hê (Baum & Hecht, 1984:193).

Slagoffers van seksuele misbruik as kind beskou fisiese nabyheid as ‘n dreigement. Navorsing hieroor bevestig dat baie slagoffers intimiteit as versmorend en ‘n aanval op hulle persoonlike ruimte ervaar. Hulle ervaar engtevrees wanneer iemand probeer om naby aan hulle te kom. As kinders het hulle daaraan gewoond geraak om dinge op hulle eie te hanteer en vir hulself te sorg. Slagoffers voel te bang en onseker om betrokke te raak in ‘n ernstige verhouding. Slagoffers kan egter ook losbandige gedrag openbaar waar hulle voel liefde of nabyheid aan ander moet gewys word deur seksueel teenoor die persoon te reageer. Intimiteit en seks raak verwarrend vir die slagoffer en hulle sal vroeg in hulle verhoudings hulle aangetrokkenheid teenoor ‘n persoon demonstreer (Petty, 2005:127,129). Dickson

et al. (2009:161) verduidelik verder: *“Engagement in sexual risk taking behaviours has been proposed as a mechanism for emotional avoidance of distress resulting from abuse in childhood”*.

Die slagoffer kan die seksuele misbruik oordra op ander of, sy of haar eie kinders. Petty (2005:117) is van mening dat hierdie aanname ‘n mite is en dat navorsingstudies hieroor metodologiese uitdagings bevat. Sy noem verder dat: *“The insight, understanding and thoughtfulness of an adult survivor are often sufficient to turn them away from repeating the mistakes of their childhood. Once the adult survivor recognises the dysfunctional patterns in their families of origin, most work towards overcoming these in their families”*. Indien ‘n slagoffer van kinderseksuele misbruik egter nie die regte hulp kry of insig toon wat nodig is om die trauma van die misbruik te verwerk nie, kan hulle self ook ‘n oortreder word: *“The child who has been victimized identifies with the sexual aggressor as a way of dealing with the trauma of his or her victimization. That is the child becomes a perpetrator in order to achieve mastery over his or her own sense of vulnerability... Sadly if the significance of the problem had been recognised earlier and adequately treated, the child might not have become an adolescent sex offender.”* (Coulborn Faller, 2003:41). Ah Hing (2010:38) bevestig dat slagoffers van seksuele misbruik as kind nie noodwendig self oortreders word nie.

Sommige slagoffers van seksuele misbruik as kind ervaar ook herviktimisering. Uit vorige navorsing is bevind dat: *“Bullying was especially prevalent among children who were physically or sexually abused... maltreated children were far more likely to be victimized by their peers”* (Kendall & Stien, 1998:127).

- **Denke:**

- ✓ *“Emosionele afgestompheid, onderdrukte seer en valse skuldgevoelens.”*
- ✓ *“Could be a individual who constantly has suicidal thoughts and may have a very low selfesteem.”*
- ✓ *“These people could become depressed and wil need medication to calm them down.”*

Slagoffers beleef soms emosionele afgestompheid en ervaar onderdrukte seer en verwyte, soos verduidelik word deur Petty (2005:124): *“During the event, survivors*

may put aside their feelings in order to survive. Feeling the intensity of their emotions could be totally overwhelming. The deadening or shutting off of emotions is called psychological or emotional numbing". Peters en Range (1995:335-336) verduidelik ook dat slagoffers van seksuele misbruik as kind hulself maklik sal blameer vir die misbruik en skuldig sal voel daaroor. Kognitiewe patrone van self-blaam en pessimistiese verwagtinge van die toekoms kan 'n rol speel in die mediasie van selfmoordgedrag by hierdie slagoffers.

Sommige slagoffers het 'n lae selfbeeld en kry gereeld selfmoordgedagtes. Navorsing toon dat: "*These adults might believe that they are different from others and that there is something wrong with them, deep down inside, and once people discover that, they will desert them. Survivors often report having a hard time nurturing and taking care of themselves. They don't allow themselves to feel good. They easily give up and many report struggling to motivate themselves to succeed*" (Petty; 2005:120).

Slagoffers mag baie angstig en paniekbevange raak in sekere situasies. Die slagoffers se angsts word gekoppel aan gevoelens van magteloosheid en gebrekkige beheer oor 'n situasie. Hierdie slagoffers word verder ook oorweldig deur herinneringe van die misbruik. Die kern van die seksuele trauma wat hulle beleef het, is die ervaring van verlies van beheer. Dit kan met verloop van tyd reflekteer in hulle persoonlike lewens en die oortreding van fisiese en psigologiese grense (Louw *et al.*, 1998:494; Petty, 2005:119,121). Hierdie verlies van beheer kan deur slagoffers van misbruik aangeleer word. Aangeleerde hulpeloosheid is 'n proses wat ontwikkel word wanneer persone wat onbeheerbare situasies ervaar het, verwag dat toekomstige insidente ook buite hulle beheer sal wees. Ontwrigtinge in motivering, emosie en leer kan plaasvind (Van Delft, 2006:82).

Die slagoffer internaliseer verwronge boodskappe van homself of haarself en hierdie boodskappe word weerspieël in die slagoffer se gedrag. Volgens Wieland (1997:33) sien slagoffers hulself as geskend en rig hulle gedrag dan daar volgens deur byvoorbeeld selfbesering toe te pas. Slagoffers internaliseer verwronge boodskappe oor hulself soos: "*I don't deserve it; I hate myself; what I want doesn't count*" (Petty, 2005:122).

'n Artikel wat in die *Huisgenoot* verskyn het oor Yvonne de Kock, 'n bejaarde slagoffer van seksuele misbruik as kind, vertel van haar eie ervaring en die langtermyneffekte wat dit op haar en haar gesin se lewe gehad het. Yvonne het met tye geregresseer en haarself weer soos 'n jong dogter gedra: *“So beleef ek vandag nog die nagevolge van seksuele molestering in my kinderjare...Ek ly aan gevoelens van verwerping en 'n verwronge selfbeeld. Tydens sekere insidente trek dit gevoelens van onmag en woede soos 'n magneet aan. En met hierdie intense emosionele pyn gaan depressie, angs en terugflitse gepaard”*. Yvonne de Kock vertel hoe sy destyds ná die verskyning van die eerste artikel oor haar in die *Huisgenoot* van 24 Februarie 1994 (*“Jy, Pa en jou diep en donker geheim”*) briewe en oproepe van oral oor kry van slagoffers sowel as oortreders. Een van die slagoffers wat aan haar geskryf het, noem sy voel steeds met tye vuil en skrop haarself met: *“Vim tot die bloed loop”*. 'n Oortreder het vertel in 'n brief aan Yvonne dat: *“ Ek dit doen omdat ek haar liefhet”*, en 'n ander *“Ek wil die eerste een wees wat haar die feite van die lewe leer”* (De Kock, 2011:138). Oortreders gebruik verskeie verskonings om die misbruik aan hulself en aan die kind te regverdig.

“Sexual violence may result in an additional number of short- and long-term mental and physical health consequences, including depression, substance abuse, general health problems, and poor social adjustment. Sexual assault is therefore considered to have severe and widespread negative effects on victims' psychological and physical health.” (Bramsen *et al.*, 2009:887). Seksuele misbruik van kinders het dus 'n geweldige negatiewe impak op slagoffers se gedrag, asook hulle psigologiese en fisiese gesondheid.

8.3 AFDELING C: ONDERSTEUNINGSISTEME EN HULPBRONNE

Vraag 3: Vertrouelinge vir openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders

Die navorser wou met hierdie vraag bepaal aan wie die respondente seksuele misbruik sou openbaar indien hulle 'n slagoffer van seksuele misbruik as kind was, en waarom. Die respondente het verskeie belangrike persone in hulle lewens geïdentifiseer, maar die volgende drie kategorieë is oorwegend genoem:

- **Gesin of familie:**

- ✓ *“Indien ek seksueel misbruik was sou ek na my ma gegaan het omdat ek haar vertrou met enigiets en sy enigiets sal doen om my te help.”*
- ✓ *“My ouers. Hul sal my verstaan en glo en sal my beskerm.”*
- ✓ *“Ek sou heel waarskynlik met my moeder daaroor wil praat omdat ek altyd baie vry en gemaklik voel in my ma se teenwoordigheid. Ek voel ook baie veilig met my ma.”*
- ✓ *“Ek het eers op die ouderdom van 16 jaar besef dat ek as kind gemolesteer was. Hoe meer ek kennis verkry het van wat seksuele misbruik is, het ek besef wat gebeur het. Ek sou heel moontlik met my ouers daaroor gepraat het, want ek het hulle vertrou.”*
- ✓ *“My mother, because she always listens to me and understands me well.”*
- ✓ *“My parents. Or if one of the parents is a culprit I shall talk to my uncles; just to make sure that this matter is resolved.”*
- ✓ *“Met my ouers as hulle onbewus is daarvan. Niemand anders nie.”*
- ✓ *“My mother, because she is trustworthy and reliable. She is the person I can turn to whenever I need anything. She is always there for me emotionally and physically.”*

Agt respondente het verkies om met hulle ouers, veral hulle moeders, te praat oor die seksuele misbruik. Navorsing toon dat ‘n moeder se ondersteuning na die openbaarmaking van seksuele misbruik ‘n geweldige impak het op ‘n kind se hantering van die seksuele trauma: *“Positive response and support from the mother to the child has been the best predictor of positive outcome for the child following disclosure and participation in court procedures”* (Wieland, 1997:5).

Tydens ‘n studie wat gedoen is met adolessente wat positief getoets is vir ‘n seksuele oordraagbare siekte, is die moeders van hierdie kinders heel eerste daaroor ingelig (Cederborg *et al.*, 2007:30): *“Children whose mothers accepted the possibility of abuse (the parents were labeled as supportive) were more likely to disclose (63% of this group disclosed) compared with children whose parents were not supportive and did not believe their child had been abused (only 17% of these children disclosed)”*. Dit blyk dus dat die kinders meer geneig was om die seksuele

misbruik te openbaar as hulle moeders ondersteunend was teenoor hulle en die moontlikheid van seksuele misbruik.

Familielede soos ooms en susters is ook deur die respondente genoem as potensiële persone by wie gekla sou word oor die seksuele misbruik. Die hoof aspek wat na vore gekom het is dat hierdie persone geloof, begrip en ondersteuning vir die slagoffer se situasie moet toon.

- **Vriende:**

- ✓ *“My best friend because she will understand and find help for me and she will not judge me about what has happened to me, she would also help me tell my family. With her by my side I can conquer the world.”*
- ✓ *“I would talk about it with my close friend because I feel she would listen, still respect me for who I am and not judge me in any sense.”*
- ✓ *“Met ‘n vriendin omdat dit sal stil bly by haar omdat mens nie die negatiewe drama oor sulke goed sal wil ervaar nie, en jong mense is baie gefokus op wat ander sou dink al weet hul wat die regte besluite sal wees.”*
- ✓ *“Someone close to me, such as my friend”.*
- ✓ *“A close friend and my family. Because they are very close to me and we share everything. I trust them because I know they always support me.”*

Vyf van die respondente het genoem dat hulle eerder die seksuele misbruik sou openbaar aan ‘n nabye vriend of vriendin. Hierdie persoon is geglo, sou die nodige begrip toon vir die respondente se situasie, nie veroordelend wees teenoor die respondente nie, ‘n goeie luisteraar wees en die respondent behulpsaam wees. Louw *et al.* (1998:460,556) verduidelik dat adolessente ‘n groter behoefte aan intimiteit en selfopenbaarmaking ontwikkel as in die geval van jong kinders. Dit beteken dat adolessente hul vriendskappe al hoe meer baseer op emosionele gehegtheid, betroubaarheid, begrip en opregte belangstelling in mekaar, terwyl hulle ook gevoelens en gedagtes met mekaar deel. Adolessente sal byvoorbeeld fisiese veranderinge en ontwakende seksualiteit eerder met hul vriende as met hul ouers bespreek. Die ontdekking dat hulle dieselfde as ‘n ander persoon dink en voel, vorm dan ook ‘n basis vir hul vriendskapverhoudings.

Dit blyk dat jong volwassenes 'n vriendin of vriend (naas hulle eie ouers) die meeste sal vertrou met intieme inligting. Vriende kan mekaar kies en hierdie keuse berus op persoonlikheidstrekke soos lojaliteit, begrip en aanvaarding wat van iemand 'n betroubare vertroueling en bron van emosionele ondersteuning maak. Familie aan die ander kant, kan nie gekies word nie en dikwels is familielede se persoonlikhede onverenigbaar (Louw *et al.*, 1998:556).

- **Professionele persone:**

- ✓ *"I prefer to talk to a friend or a therapist, because telling my mum would make her forever fearing future incidents. Even when I go to school she would be worried."*
- ✓ *"Ek sou met my ouers (ma), verpleegster of maatskaplike werker selfs sielkundige (praat)."*
- ✓ *"Met 'n familielid met wie ek 'n goeie vertrouensverhouding het. Maar omdat die misbruik soms deur 'n familielid/vriend gebeur, verkies mense om jou nie te glo. Daarom is dit belangrik om 'n vriend of selfs 'n onderwyser te vertel."*
- ✓ *"My dominee, hy is my mentor."*

Vier van die respondente het aangetoon dat hulle sou verkies het om die seksuele misbruik te openbaar aan 'n professionele persoon. Een van die respondente het genoem dat sy eerder met 'n sielkundige sal praat oor die seksuele misbruik as met haar moeder, omdat haar moeder altyd soortgelyke insidente in die toekoms sal vrees en dit nie sal kan hanteer nie. Hierdie respondente het verkies om die seksuele misbruik te openbaar aan persone wie hulle oortuig is oor die vaardigheid en vermoë beskik om hulle te help om die trauma van die seksuele misbruik te verwerk. Ras (2009:1) is van mening dat maatskaplike werkers soms onseker is wanneer hulle met die probleem van seksuele misbruik van kinders te make het. Een van die redes daarvoor is dat by sommige opleidingsinstansies gedurende voorgraadse opleiding beperkte aandag aan seksuele misbruik van kinders gegee word. Die gevolg is dat maatskaplike werkers se kennisbasis rakende seksuele misbruik van kinders en intervensie beperk is.

Dit is egter min dat slagoffers van seksuele misbruik as kind, die misbruik eerste openbaar aan 'n professionele- of 'n gesagspersoon. Navorsing wat tydens 'n studie hieroor gedoen is, toon dat 72% van slagoffers van seksuele misbruik as kind dit aan iemand openbaar gemaak het op 'n stadium in hulle lewens (gewoonlik 'n ouer of nabye vriend), maar net 12% van die gevalle word ooit gerapporteer aan die owerhede byvoorbeeld die SAPD (Collings *et al.*, 2005:282).

Al hierdie persone wat deur die respondente geïdentifiseer is, het die volgende in gemeen: Die persoon is in 'n vertrouensverhouding met die respondent; sal die respondent behulpsaam wees en bystaan; is 'n goeie luisteraar, is nie-veroordelend nie; en die persoon het begrip vir wat die respondent deurgaen. Een eienskap wat regdeur as belangrik beskou word deur die respondente is vertroulikheid. Die respondente moet voel dat hulle die persoon ten volle moet kan vertrou met die inligting wat hulle aan die persoon openbaar maak.

Vraag 4: Voorkeure in beskikbare ondersteuningsisteme

Die respondente is versoek om hulle voorkeur in bestaande hulpbronne vir seksuele misbruik van kinders te rangskik vanaf minste tot mees verkieslike. Een respondent het egter nie die vraag beantwoord nie.



Ses kategorieë is uiteengesit vir die respondente:

- (1) Polisie of SAPD;
- (2) Nie-misbruikende ouer(-s);
- (3) Onbekende persoon of vreemdeling;
- (4) Onderwyser;
- (5) Ander professionele persone; en
- (6) Vriend (-e).

Sien sirkel diagram 2 vir 'n grafiese uiteensetting van die respondente se antwoorde:

SIRKEL DIAGRAM 2: ONDERSTEUNINGSISTEME

'n Sirkel diagram van die verskillende ondersteuningsisteme en die belangrikheid van elkeen vir die openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders deur jong volwassenes



- **Vriend(e):**

Sewe respondente (30.4%) het verkies om die seksuele misbruik as kind heel eerste aan 'n vriend of vriendin te openbaar.

Die ouderdom waarop die slagoffer seksueel misbruik word, stem ooreen met die vertroueling aan wie die slagoffer besluit het om die misbruik te openbaar: *"Disclosure is influenced by the child's age at the time sexual abuse occurs, and by the availability of a same-aged peer with whom the abuse could be discussed. Adults who indicated they were sexually abused as adolescents reported higher disclosure rates than adults who said they were abused as children. And, these adolescents reportedly disclosed the sexual abuse to a friend sooner to its occurrence, while adults who said they were sexually abused as young children, usually disclosed to a parent"* (Swerdlow-Freed, 1995:1). Adollesente is dus meer geneig om seksuele misbruik te openbaar as jong kinders. Adollesente is ook meer geneig om die misbruik te openbaar aan 'n vriend of vriendin van dieselfde ouderdom, waar jonger kinders weer geneig is om die misbruik te openbaar aan 'n ouer.

- **Onderwyser:**

Drie respondente (13.1%) het geantwoord dat hulle die seksuele misbruik eerste sal openbaar aan 'n onderwyser of onderwyseres.

Soos wat kinders ouer raak, bereik hulle 'n punt waar hul deur die wet verplig word om formele skoolopleiding te ondergaan. In Suid-Afrika begin verpligte skoolbywoning wanneer 'n kind sewe jaar oud is, soos uiteengesit in Artikel 3 (1) van die Suid-Afrikaanse Skole Wet, Wet 84 van 1996 soos gewysig (South Africa, 1996: 3). Vanaf die tyd wat 'n kind ingeskryf is in 'n skool, word die personeellede wettiglik geag as "*in loco parentis*", wat beteken dat hulle volle regte en verantwoordelikhede het tot die veiligheid en versorging van die kind terwyl die kind by die skool is. In Latyns beteken "*loco*" plek en "*parentis*" ouer, dus beteken "*in loco parentis*" letterlik "in plek van 'n ouer" en erken dit die regte en verantwoordelikhede van 'n individu of instansie om na 'n kind om te sien en hom of haar te versorg. In ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse wet het onderwysers die regte en verantwoordelikhede van "*in loco parentis*" (Ah Hing, 2010:38-39).

Ah Hing (2010:39) beskryf hoe 'n kind se vertroue in 'n onderwyser en die atmosfeer in die klaskamer 'n impak kan hê op die openbaarmaking van seksuele misbruik: "*By the mere nature of their job, teachers generally develop a trusting and caring relationship with the learners in their classes. The teacher creates an atmosphere within the classroom that is unique to his personality and the children learn to identify with the teacher, while the classroom should ideally be a safe place*".

Onderwysers is in die ideale posisie om kinderslagoffers van seksuele misbruik te help. Die herkenning en rapportering van seksuele misbruik van kinders deur die onderwysers van die slagoffers, kan die seksuele misbruik stopsit en ook help om 'n oortreder op te spoor en te vonnis. Dis belangrik vir 'n onderwyser of onderwyseres om kalm en nie-veroordelend op te tree teenoor 'n kind wat seksuele misbruik openbaar maak (Wakefield, 2002:5).

Skoolbaseerde voorkomingsprogramme vir die bewusmaking en voorkoming van seksuele misbruik van kinders kan die voorkoms van seksuele misbruik aansienlik verlaag. Die doel van sulke programme is om kinders op te voed oor wat as onvanpaste seksuele gedrag geag word en hoe om sulke gedrag te hanteer. Die mees algemene en konsekwente positiewe uitkomstes van sulke programme is

kinders se verhoogde kennis van seksuele misbruik en die verhoging in openbaarmakings van misbruik deur kinders (Tomison, 1995:15).

- **Nie-misbruikende ouer:**

Sewe respondente (30.4%) het geantwoord dat hulle sou verkies het om die seksuele misbruik eerste aan die nie-misbruikende ouer te openbaar.

Wanneer kinders (veral jong kinders) die seksuele misbruik openbaar maak, is hulle meestal geneig om 'n ouer, gewoonlik hulle moeder, daaroor in te lig. Navorsingstudies wat gedoen is deur Collings *et al.* (2005:276) toon dat 9% van alle kinders in hulle studie die misbruik indirek openbaar gemaak het aan 'n familielid. Doelbewuste openbaarmaking is gedoen deur 30% van die kinders en die vertroueling in 48% van die gevalle was familieledede gewees.

Dit blyk dus vanuit die respondente se antwoorde dat hulle sal verkies om die seksuele misbruik as kind te openbaar aan hulle ouers of nabye vriende. Vorige navorsing wat gedoen is, toon: *“Children and young people are most likely to initially disclose abuse to either a parent or same-aged friend”* (Hunter, 2011:1).

Dis egter kommerwekkend hoeveel ouers, veral moeders, sukkel om die misbruik openbaar te maak of te rapporteer aan die owerhede as gevolg van hulle skuldgevoelens oor die misbruik: *“Most mothers struggle to deal with their guilt when the abuse is uncovered. They feel bad that they were not sensitive to what was happening to their child at the time.”* (Petty, 2005:65).

Soms moet moeders verskeie struikelblokke oorkom voordat hulle dit moontlik vind om die misbruik openbaar te maak (Petty, 2005:66):

- ❖ Die moeder besef dat die openbaarmaking van die misbruik kan lei tot die disintegrasie van haar gesin wat 'n groot bedreiging vir haar sekuriteit kan wees;
- ❖ Die moeder kan in absolute vrees leef vir die oortreder wat 'n geskiedenis van emosionele en fisiese misbruik kan hê of gewelddadig is van aard;
- ❖ Die moeder en die kinders is finansieel afhanklik van die oortreder;
- ❖ Die moeder is weerloos omdat die oortreder mag en beheer oor haar uitoefen.

Jou Wêreld e-Tydskrif (2010), 'n elektroniese tydskrif wat gepubliseer word deur Helpende Hand van Solidariteit, vertel van 'n dogtertjie wat in 'n wit plakkerskamp in Gauteng gewoon het saam met haar moeder. Sy is verwyder uit die sorg van haar moeder deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en in tydelike veiligheid geplaas, nadat daar bevind is dat sy deur verskeie mans en groot seuns verkrag is. Haar moeder het egter nie verstaan waarom dit as 'n probleem beskou word nie: *"Dit nadat haar ma vir ons gesê het sy verstaan nie wat die probleem is nie, want sy het dieselfde deurgemaak toe sy klein was"*. Dit is hierdie bese kringloop en tipe houding van ouers wat verseker dat seksuele misbruik van kinders van generasie tot generasie voortgaan.

- **Ander professionele persone:**

Vier respondente (17.4%) sal verkies om die seksuele misbruik openbaar te maak aan 'n professionele persoon soos 'n maatskaplike werker, sielkundige of predikant.

Die berader of terapeut waaraan die slagoffer die seksuele misbruik openbaar maak behoort oor die volgende eienskappe te beskik om te verseker dat die kind gemaklik genoeg voel in sy of haar teenwoordigheid: *"Unconditional acceptance and respect for the person; a deep regard and understanding of his or her experiences; a commitment to being fully transparent and genuine in this relationship; and an appreciation of the person's personal power to find unique and relevant solutions to his or her troubles"* (Petty, 2005:21). Hierdie professionele persoon moet 'n warm, sensitiewe en opregte persoon wees met 'n koesterende houding. Hierdie eienskappe is belangrik omdat dit die slagoffers verseker dat hulle gerespekteer, aanvaar en verstaan word en sodat hulle veilig genoeg sal voel om nie 'n verdedigende houding in te neem tydens die onderhoud met die professionele persoon nie.

- **Onbekende persoon of vreemdeling:**

Twee respondente (8.7%) het genoem dat hulle sou verkies het om met 'n vreemdeling of onbekende persoon te praat oor die seksuele misbruik.

Inligting wat vanuit 'n nasionaalvertegenwoordigende telefoonopname verkry is wat handel oor vroue se ervarings van trauma en geestelike gesondheid (Bruck *et al.*, 2005:200) is ondersoek. In hierdie studie het 9% van die vroue ten minste een

insident van verkragting (d.w.s. vaginale, orale en/of anale penetrasie deur 'n penis, vinger of objek) voor hulle agtiende verjaardag gerapporteer: *"Approximately 27% of these abused women remembered disclosing the rape to someone within 1 month of the sexual abuse; another 34% said they had disclosed within 6 months of the abuse; an additional 18% were not sure when they had first disclosed the abuse. Thus a considerable number of women delayed or altogether failed to disclose the childhood rape; 47% waited for more than five years to report the abuse, and 28% said that they had never told anyone about the incident prior to the telephone interview"*. Vroue wat deel was van hierdie opname het dus vir die eerste keer die seksuele misbruik of verkragting openbaar gemaak aan 'n onbekende persoon oor die telefoon. Dit is egter nie algemeen dat kinders die seksuele misbruik sal openbaar aan 'n vreemdeling of onbekende persoon nie, maar eerder die saak met 'n vriend of ouer sal bespreek.

- **Die SAPD:**


Geen van die respondente het verkies om die seksuele misbruik eerste te openbaar aan die SAPD of 'n polisielid nie. Briere *et al.* (1996:54) ondersteun hierdie bevinding: *"Even when abuse is disclosed, only 6% to 12% of cases are reported to the authorities"*. Green en Schetky (1988:32) ondersteun hierdie bevinding: *"Most cases of child sexual abuse are never reported to public agencies such as child protective services or the police. In fact, the majority of the victims never tell anybody about their sexual abuse."* Selfs ná die openbaarmaking van kinderseksuele misbruik, word net 'n klein persentasie van hierdie gevalle gerapporteer aan die SAPD: *"First, these data, when taken at face value, reveal that approximately 60%-70% of adults do not recall ever disclosing their abuse as children, and only a small minority of participants (10%-18%) recalled that their cases were reported to the authorities"* (Bruck *et al.*, 2005:203).

Dit is dus duidelik dat die meeste respondente verkies het om hul seksuele misbruik as kind eerder aan 'n vriend of vriendin openbaar te maak en dan 'n professionele persoon (maatskaplike werker, predikant of terapeut) of die nie-misbruikende ouer daarvoor in te lig. Die SAPD behoort bewus te wees daarvan dat kinders soms huiwerig is om die misbruik aan hulle te openbaar en behoort dus 'n kindgesentreerde benadering te volg om die openbaarmakingsproses te vergemaklik: *"Police need to be aware of why children may be reluctant to report*

sexual abuse to anyone. When the child does disclose the abuse and the police are informed, a child-centred approach is reported.” (Kiwala & May-Parker, 1988:39).

Vraag 5: Die beskikbaarheid van effektiewe ondersteuningsisteme in die gemeenskap

Die respondente is versoek om aan te dui of daarvolgens hulle mening effektiewe ondersteuningsisteme of hulpbronne in hulle eie gemeenskap bestaan wat daarop gemik is om hulp te verleen aan kinderslagoffers van seksuele misbruik. Hulle moes ook aandui of dit maklik toeganklik is vir kinders. Die doel van die vraag was om te bepaal of daar reeds bestaande sisteme in die onderskeie respondente se gemeenskappe bestaan wat kinderslagoffers van seksuele misbruik kan help, en of daar 'n behoefte daarvoor is (Kyk histogram 3 hieronder).



Twaalf respondente was 'onseker'; sewe respondente het 'ja' geantwoord; en vyf respondente het 'nee' geantwoord op die vraag. Dit blyk vanuit die resultate dat die meerderheid respondente onseker was of daar effektiewe hulpbronne binne hulle eie gemeenskap bestaan vir hulpverlening aan kinderslagoffers van seksuele misbruik.

Een-en-twintig persent van die respondente kon bevestig dat daarvolgens hulle kennis nie enige hulpbronne bestaan binne hulle gemeenskappe wat slagoffers van

kinderseksuele misbruik bystaan nie. 29.2% van die respondente het egter erken dat hulle wel bewus is van hulpbronne binne hulle gemeenskappe vir slagoffers van kinderseksuele misbruik. Die volgende ondersteuningsnetwerke/hulpbronne is deur hulle geïdentifiseer:

- *Childline* (in onder andere Rustenburg, Volksrust en Potchefstroom);
- CMR (Christelike Maatskaplike Raad in Bela Bela en Volksrust);
- FAMSA (Family South Africa in Potchefstroom);
- ACVV (Afrikaanse Christelik Vroue Vereniging in Dysveldorp);
- SAVF (Suid-Afrikaanse Vroue Federasie in Potchefstroom);
- Manzini (in Swagga); asook
- Die onderskeie kerkdenominasies.

Die twee organisasies *Childline* en CMR het die sterkste na vore getree as ondersteuningsnetwerke/hulpbronne vir kinderslagoffers van seksuele misbruik. *Childline* het 'n verbruikersvriendelike webwerf wat baie nuttige inligting oor die dinamika van seksuele misbruik aan kinders verskaf. *Child Helpline* is internasionaal bekend en het wêreldwyd 83 kindershulplynne in elke kontinent en area: "*Childline is very helpful to people who need to check out whether their thoughts and concerns are valid and they will guide callers to appropriate services*" (Childline South Africa, 2001; Petty, 2005:101). *Childline* het ook 'n telefoonberadingsdiens waar persone kan inbel op hul tolvrye nommer (08000 55 555) om te praat oor enige kinderverwante saak. Hierdie telefoonberadingsdiens is 24 uur per dag beskikbaar regdeur die jaar.

CMR, oftewel die Christelike Maatskaplike Raad, is 'n nie-winsgewende organisasie en het takke regoor Suid-Afrika. Christelike Maatskaplike Raad lewer 'n verskeidenheid dienste aan die gemeenskap (afhangende van elke kantoor se beleid oor dienslewering) onder andere statutêre dienste, ondersoek in kindermisbruik en -verwaarlosing, armoedeverligting, dienste rakende ouer-kind probleme, en berading vir 'n verskeidenheid maatskaplike probleme.

Vraag 6: Ideale omstandighede vir die openbaarmaking van seksuele misbruik

'n Oopvraag is aan die respondente gestel om hulle eie mening weer te gee van wat die ideale omstandighede sou wees vir 'n kind om seksuele misbruik in te openbaar. Die doel van hierdie vraag was om te bepaal watter aspekte teenwoordig moet wees om die seksuele misbruik te openbaar. Navorsing wat gedoen is deur Collings *et al.*, (2005:273) toon: "*Despite the sizeable clinical and research literature on child sexual abuse disclosure, there would appear to be a clear need for increased knowledge regarding the circumstances of children's disclosures*". Die volgende aspekte het na vore gekom uit die antwoorde:

- **Tyd:**

- ✓ "After a day or two."
- ✓ "Wanneer hy baie daarmee gekonfronteer word, bv. Baie lesings en praatjies daaroor."
- ✓ "Immediately after the sexual abuse."
- ✓ "Wanneer dit die eerste keer gebeur moet die kind (dit) dadelik rapporteer. Daar is feitlik nie ideale omstandighede om dit (in) te openbaar nie."

Die respondente het verskeie antwoorde gegee oor wat hulle as die ideale omstandighede beskou om seksuele misbruik as kind te openbaar. So kan die kind aangemoedig word om na vore te tree deur onder andere lesings en praatjies te hou en te verduidelik dat daar oor die nodige ondersteuningsisteme beskik word om die slagoffer te beskerm en by te staan.

Vier respondente is van mening dat dit die beste sal wees om die seksuele misbruik onmiddellik of binne 'n dag of twee na die tyd te openbaar. Vroeëre navorsing wat gedoen is toon dat minder as een uit vier slagoffers van seksuele misbruik as kind onmiddellik die misbruik openbaar, terwyl die meeste kinders nie die misbruik openbaar terwyl dit plaasvind nie (Collings *et al.*, 2005:210; DeMarni Cromer & Freyd, 2007:15).

Verdere navorsing wat gedoen is (Swerdlow-Freed, 1995:1), het bevind dat minder as die helfte van kinders wat seksueel misbruik word die misbruik binne 48 uur aanmeld, terwyl ander meer as 'n jaar neem om die misbruik te beken:

“Retrospective studies of adults who said they were sexually abused as children found that approximately two-thirds did not disclose the abuse during childhood. This finding supports the position that most cases of child sexual abuse (e.g. about 66%) are not immediately reported and are often delayed by months and years”. Bruck *et al.* (2005:204) ondersteun hierdie siening: *“When children do disclose, it often takes them long to do so”.*

Navorsing wat gedoen is deur Sapp en Vandeven (2005:258) bevestig dat kinders vir maande of jare lank nie hulle ervarings van misbruik openbaar maak nie: *“Children who disclosed sexual abuse in this study, whether purposefully or accidentally, most often did so only after initially denying any such contact...This coincides with findings that most sexually abused children never reveal abuse during their childhood”* (Sorenson & Snow, 1991:13). As gevolg hiervan moet versorgers van kinders bewus wees van die mediese- en gedragsaanduidings wat dui op die vroeë seksuele misbruik van kinders.

Die respondente is ook van mening dat dit die beste tyd sal wees om daarvoor te praat wanneer die kind in die omstandighede nie veroordeel word nie, maar veilig en gemaklik genoeg voel. Slagoffers moet ook aangemoedig word om te praat oor die seksuele misbruik terwyl die oortreder nie in die omtrek is nie. Dis egter moeilik vir kinders wat 'n vrees het om terug te keer na 'n huis waar die oortreder steeds in die omtrek gaan wees.

- **Omgewing:**

- ✓ *“Wanneer die misbruiker nie naby die kind is nie en die kind is in 'n omgewing waar hy/sy veilig voel.”*
- ✓ *“Verseker 'n omgewing waarin hy veilig voel en aanvaarding beleef.”*
- ✓ *“Safe environment.”*
- ✓ *“By die huis.”*
- ✓ *“A safe house where a child feels safe and at ease to talk.”*
- ✓ *“Veilige plek bv. kantoor of selfs kind neem na parkie waar hy/sy met maatskaplike werker of verkose persoon mee kan gesels.”*
- ✓ *“Vertroulike respektvolle atmosfeer waar net die kind en ander persoon is.”*

Die respondente het ook aangetoon wat die ideale omgewing is vir die kind om die seksuele misbruik in openbaar te maak. Die meeste respondente is van mening dat kinders die seksuele misbruik sal openbaar in 'n omgewing waarin hulle veilig en ontspanne voel soos byvoorbeeld in die slagoffer se huis, 'n parkie of 'n kantoor soos dié van 'n maatskaplike werker of terapeut.

Die belangrikste element is dat die omgewing veilig moet voel vir die kind en dat inligting vertroulik hanteer moet word: *"Provide a safe, private place to talk. Make sure that your talk takes place in a private place. A public location, such as a hallway or classroom with other students present, is not a good location for a disclosure. There is no way to protect a child's privacy in a public place. Bystanders may overhear the conversation and rumors which may get back to the offender even before a law enforcement officer has the chance to begin an investigation. Confidentiality is necessary not only for the child's sake but also to avoid alerting the offender who may be able to destroy evidence that would be useful in a criminal prosecution."* (Wasserman, 1991:5).

- **Persoon:**

- ✓ *"Waar die kind veilig voel en verseker is dat die persoon met wie hulle praat hulle glo en wil help."*
- ✓ *"As hulle 'n goeie ondersteuningsnetwerk het en in omstandighede sonder oordeel."*
- ✓ *"(Persoon) moet nie dit bekend maak aan persone buite gesinne."*
- ✓ *"Ek dink nie daar sal ooit 'n ideale omstandighede wees nie, maar ek sou sê in 'n groep waar die slagoffer ander lede ook ontmoet wat dieselfde trauma beleef het."*
- ✓ *"When a child is in a group of others with whom it also happened."*

Die respondente was van mening dat die volgende persone vir die kind ideaal sal wees om die seksuele misbruik aan te openbaar: Die kind se eie ouers; 'n maatskaplike werker; ander slagoffers wat as kind seksuele misbruik is; 'n persoon wie die kind vertrou en wie die kind sal glo en help. Navorsing toon dat kinders meer geneig sal wees om die misbruik aan 'n ouer te openbaar: *"At least among cases*

that reach the authorities, children are most likely to reveal the abuse to their primary caregiver” (Bruck et al., 2005:208).

‘n Ander respondent was van mening dat kinders meer geneig behoort te wees om die seksuele misbruik te openbaar in ‘n groep waar hulle ander jongvolwasse slagoffers wat as kind seksuele misbruik is, ontmoet.

Een respondent was van mening dat die vertroueling van die kind nie die kind se seksuele misbruik moet deel met ander persone buite die gesin van die kind nie. Hierdie siening is egter moeilik wanneer ‘n persoon (veral professionele persone) verplig word deur die Kinderwet van Suid-Afrika om die seksuele misbruik te rapporteer. Bosman-Sadie en Corrie (2010:120) verduidelik dat die Kinderwet (Wet 38 van 2005 soos gewysig deur Wet 41 van 2007) professionele persone (en andere) forseer om misbruik en verwaarloosing van kinders te rapporteer en moedig ook die algemene publiek aan om dit te doen, al het hulle net ‘n vermoede van misbruik. Artikel 110 (1) en (2) van die Kinderwet (Wet 38 van 2005 soos gewysig deur Wet 41 van 2007) stel dit duidelik wie die misbruik moet en mag rapporteer:

(1) “Any correctional official, dentist, homeopath, immigration official, labour inspector, legal practitioner, medical practitioner, midwife, minister of religion, nurse, occupational therapist, physiotherapist, psychologist, religious leader, social service professional, social worker, speech therapist, teacher, traditional health practitioner, traditional leader or member of staff or volunteer worker at a partial care facility, drop-in centre or child and youth care centre who on reasonable grounds concludes that a child has been abused in a manner causing physical injury, sexually abused or deliberately neglected, must report that conclusion in the prescribed form to a designated child protection organisation, the provincial department of social development or a police official.”


(2) “Any person whom on reasonable grounds believes that a child is in need of care and protection may report that belief to the provincial department of social development, a designated child protection organisation or a police official.” (Bosman-Sadie & Corrie, 2010:120).

‘n Ander respondent was van mening dat kinders meer geneig behoort te wees om die seksuele misbruik te openbaar in ‘n groep waar hulle ander jongvolwasse

slagoffers wat as kind seksuele misbruik is, ontmoet. Petty (2005:107) is van mening dat: *“Involvement with others who have the shared similar experiences of abuse may offer relief from their sense of aloneness. The stories of others help them to recognise the common themes of abuse. There is much evidence to support groups of survivors of abuse”*. Die samesyn wat ontwikkel tussen die groepslede bied hulle die geleentheid om die misbruik meer realisties te beskou, aanvaarding te ervaar, en hulle emosies van woede, skuld en rou te verwerk.

Vraag 7: Die ingeligtheid van die gemeenskap oor die seksuele misbruik van kinders

Die doel van hierdie vraag was om vas te stel wat die persepsies is van die respondente rakende die ingeligtheid van die gemeenskap oor die seksuele misbruik van kinders. Vir die doel van hierdie studie word daar verwys na gemeenskappe in die algemeen (Sien histogram 4):



Op hierdie vraag het vyf respondente ‘ja’ geantwoord (22.7%); drie respondente ‘onseker’ geantwoord (13.6%); en 14 respondente ‘nee’ geantwoord (63.63%). Twee respondente het egter nie hierdie vraag beantwoord nie (Die persentasies is dus bereken sonder die inagneming van die twee respondente se antwoorde).

Die algemene opinie van die respondente was dat die gemeenskap nie goed genoeg ingelig is oor die dinamika van seksuele misbruik van kinders nie. Hierdie resultate van vraag 7 word verder bespreek en gemotiveer in vraag 8.

Vraag 8: Motivering vir die reaksie op vraag 7

Die respondente was gevra om hulle antwoord in vraag 7 te motiveer in 'n oopvraag.

- **Ja**

Uit die groep van vyf respondente het 22.7% 'ja' geantwoord op Vraag 7, en een respondent het nie hierdie vraag beantwoord nie:

- ✓ *“Daar word projekte geloods om mense in te lig en bewus te maak daarvan (van die seksuele misbruik van kinders).”*
- ✓ *“The schools LO programme (that) teaches the kids well at school; the community meetings that discuss such topics; the clinic that teaches people and give info to people and the police that patrol 24/7 to protect people.”*
- ✓ *“Want daar is SAPD, maatskaplike werkers, hulpwerkers, ens.”*
- ✓ *“I think this is so because of the number of incidents that are reported.”*

Hierdie groep respondente was van mening dat die gemeenskap wel goed genoeg ingelig is oor die dinamika van seksuele misbruik van kinders, aangesien daar 'n groot aantal insidente is wat gerapporteer word en die beskikbaarheid van die SAPD en maatskaplike werkers geredelik is. Daar is egter bevind uit vorige navorsing dat seksuele misbruik van kinders selde geopenbaar word tydens die slagoffer se kinderjare, en dat selfs die volwasse slagoffer nie altyd die seksuele misbruik as kind erken nie. Die SAPD en maatskaplike werkers is wel beskikbaar, maar kinders is nie daartoe geneig om seksuele misbruik te openbaar aan hierdie instansies nie (Ceci *et al.*, 2005:198).

Dit is duidelik dat hierdie respondente van mening is dat die gemeenskap wel goed ingelig is oor die dinamika van seksuele misbruik van kinders en dat daar genoeg werkers in die veld is wat aandag hieraan gee. Tomison (2003:14) ondersteun hierdie siening: *“In the past decade it has been argued that the western world has achieved a much greater recognition of the problem of child sexual assault. The*

significant increase in the number of cases reported to child protection services has been taken as some support of this.”

- **Nee**

Die meeste respondente (63.63%) het ‘nee’ geantwoord op vraag 7 en al hierdie respondente het hulle antwoorde gemotiveer in vraag 8. Hulle was uitgesproke in hulle opinies en het interessante antwoorde verskaf op hierdie vraag. Volgens die respondente was hulle oor die algemeen van mening dat die gemeenskap hom blind staar teen die misbruik van kinders:

- ✓ *“There’s a lot of ignorance when it comes to child sexual abuse.”*
- ✓ *“Many children are still abused and people turn a blind eye.”*
- ✓ *“Mense weet daarvan, maar hou hulle soms blind. Daar is soveel gevalle waar kinders bv. hul ma vertel, maar dan kies sy om die kind nie te glo nie. Ek dink nie mense besef watter skade dit aan ‘n kind rig nie.”*

Hierdie respondente was dit eens dat gemeenskappe wel goed genoeg ingelig is oor die seksuele misbruik van kinders, maar dit nogtans ignoreer. Ah Hing (2010:37) ondersteun hierdie siening oor die ingeligheid van die gemeenskap oor seksuele misbruik van kinders: *“The saddest part of being human is the depth of our ignorance. In dealing with children it is so easy to believe one is omniscient. Unfortunately, it is not so”*. Baie persone ontken die gevare van seksuele misbruik en die gevolge daarvan. Hulle aanvaar algemene mites soos dat kinders vinnig kan herstel, aanpas en aangaan met hulle lewens wanneer hulle een of ander tipe trauma beleef het. Diegene wat wel bereid is om kinders wat seksueel misbruik is, te ondersteun, moet voorbereid wees om te veg teen ongeloofwaardigheid, insinuasie, vyandigheid en absolute teistering. Die druk van ‘n slagoffer se portuurgroep en gemeenskap om die misbruik te ignoreer, te minimaliseer of toe te smeer kan oorweldigend wees (Hanks, Hobbs & Wynne; 2004:166).

In sommige gevalle is dit die nie-misbruikende ouer self wat nie die kind ondersteun nie: *“The most consistent finding is that women are somewhat less likely to be supportive where the abuser is their current partner, than when he is in any other relationship to them, and also where the abuser is the child’s father... Women who usually had a caring relationship with their children were most likely to be concerned*

and protective. Those who had formerly felt hostile or overburdened by their children, were most likely to be angry and unsupportive... Supportive responses from their mothers aid children's recovery, negative responses, such as anger, disbelief and blame significantly increase children's distress." (Bruck et al., 2005:204).

Een respondent het genoem dat veral onderwysers en ouers oningelig is oor die hoë syfer van seksuele misbruik onder kinders, sowel as die moontlike simptome wat 'n aanduiding daarvan is. Een respondent het geantwoord dat ouers nooit te goed ingelig kan wees oor seksuele misbruik van kinders nie. Nog 'n respondent was nie eers bewus van sulke vergrype nie:

- ✓ *"Tot onlangs wat ek meer daarna begin oplet het, toe het ek eers besef hoe ernstige probleem dit eintlik is".*

'n Persoon behoort nooit op te hou leer oor die seksuele misbruik van kinders nie of te aanvaar dat hulle alles daarvan weet nie. Dit is elke professionele persoon (maatskaplike werker, terapeut, predikant of onderwyser) se verantwoordelikheid om gereeld hulle kennis oor seksuele misbruik van kinders op te knap, ten einde te verseker dat hulle kinders tot die beste van hulle vermoë kan help en beskerm.

Die respondente se menings is dus oorwegend dat die gemeenskap nie goed genoeg ingelig is oor die dinamika van seksuele misbruik van kinders nie, aangesien hulle hulself blind staar teen die feite en kinders se stories as leuens afmaak. Dit is belangrik dat ouers hulle kinders van jongs af leer oor die omvang van seksuele misbruik sodat hulle nie as 'n oningeligte generasie opgroei nie.

- **Onseker**

Van die drie respondente (13.6%) wat 'onseker' geantwoord het op vraag 7, het net twee respondente 'n antwoord verskaf op vraag 8.

- ✓ *"Gemeenskappe besef nie watter invloed seksuele misbruik op 'n kind het nie en ignoreer dikwels die probleem".*
- ✓ *"Daar is net een organisasie. Die organisasie en ander persone in gemeenskap het nie veldtogte of bv. "posters" wat sê waar hul beskikbaar is nie."*

Dit is dus duidelik dat hierdie respondente van mening is dat daar wel organisasies bestaan in die gemeenskap, maar dat die organisasies nie genoeg doen om die gemeenskap te onderrig in die omvang van die seksuele misbruik van kinders nie. Tomison (1995:14) ondersteun hierdie siening: *“While the generic public is aware of the child sexual assault problem... the public does not have a balanced view of the area, and that there is a need for a community education campaign to enhance people’s knowledge”*.

8.4 AFDELING D: JONG VOLWASSENHEID

Vraag 9: ‘n Omskrywing van die begrip ‘Jong volwassenes’

Die respondente is versoek om ‘n omskrywing te gee van die begrip ‘jong volwassenes’ soos wat hulle dit verstaan:

- ✓ *“Persone vanaf 18 jaar tot 25 jaar.”*
- ✓ *“Jong volwassenes is enigiemand bo die ouderdom van 18 jaar tot omtrent 24 jaar.”*
- ✓ *“It is people over the age of 18-28 years of age and who are in varsity and working for themselves. Also those who are single parents.”*
- ✓ *“(Jong volwassenheid) is die fase van mens se lewe wat jy leer om onafhanklik te wees. Wanneer jy nie meer ‘n tiener is nie en die ‘grootmenswêreld’ in die oë staar.”*
- ✓ *“Young adulthood is people between the ages of 20 to 30 where they are still in the stage of making certain decisions in life and adapting to independence.”*

Meeste respondente het saamgestem dat ‘n persoon ‘n jong volwassene is sodra hy of sy agtienjarige ouderdom bereik. Ander respondente het verwys na 19 tot 21 jaar as die geskikte ouderdom waarop ‘n persoon ‘n jong volwassene word. Soos reeds beskryf onder die subopskrif 6.3. (‘Jong Volwassenheid’), word ‘n persoon reeds op 18 jaar as ‘n volwassene of meerderjarige in Suid-Afrika beskou, soos omskryf word in die Kinderwet (Wet 38 van 2005 soos gewysig deur Wet 41 van 2007).

Die proses van onafhanklikheidwording het ook na vore getree as ‘n hoofaspek uit die onderskeie antwoorde van die onderskeie respondente. Dit blyk dus dat die

respondente van mening is dat jong volwassenheid 'n fase is waar die persoon moet leer om onafhanklik te funksioneer en nuwe verantwoordelikhede en uitdagings in die gesig staar. Vorige navorsing wat gedoen is, bevestig hierdie mening: *“Although a close bond may have existed between parent and child for many years, the day comes when every child must begin to stand on his or her own feet. This independence which is eventually manifested in, for instance, the choice of a spouse and economic financial independence begins to develop gradually during adolescence with the search for independence or autonomy.”* (Green & Schetty, 2006:20).

Vanuit die antwoorde van die respondente kan daar dus afgelei word dat hulle jong volwassenheid beskou as 'n fase wat 'n persoon betree tussen die ouderdom van 18 tot 24 jaar, waar die persoon onafhanklik word en sekere verantwoordelikhede opgelê word. Uit vorige navorsing wat gedoen is (Green & Schetty, 2006:24) is jong volwassenheid gedefinieër as die fase waarin die meerderheid persone trou of 'n maat kies om mee saam te leef en deel begin neem aan seksuele aktiwiteite. Jong volwassenes is tussen 18 en 35 jaar oud. Tydens hierdie fase moet jong volwassenes ook besluit of hulle kinders wil hê of nie. Baie jong volwassenes gaan studeer aan 'n universiteit of kollege ná Graad 12.

Die universiteitslewe word deur die jong volwassene ervaar as 'n tyd van drastiese veranderinge en uitdagings (Chew, 1998:7). Sommige tipiese eienskappe van hierdie fase sluit in akademiese strewes, kompetatiewe prestasies, beplanning vir 'n beroepslewe, ontdekking van 'n nuwe netwerk (student, fakulteite, personeel) en die ontdekking van verhoudings en intimiteit. Laat-adolessensie is 'n belangrike fase vir die ontwikkeling van 'n vrou se kern selfstruktuur. Hierdie ontwikkeling sluit die volgende in:

- (1) Verhoogde potensiaal vir wedersydse empatiese verhoudings, wat gekenmerk word deur die vermoë tot wedersydse toenadering of affeksie.
- (2) 'n Relatiewe buigzaamheid of die kapasiteit om verhoudings te laat verander of groei.
- (3) Die vermoë en gewilligheid om konflik te hanteer terwyl die kern van die emosionele binding waardeer word.

- (4) Die kapasiteit om meer bemagtig te voel as gevolg van hul innerlike sin van binding met ander.

Jong volwassenes op universiteit toon 'n behoefte om die seksuele misbruik as kind openbaar te maak en hulp vir die seksuele trauma te soek: *“Childhood sexual abuse is commonly reported in college populations. Researchers have noted prevalence rates ranging from estimates approaching 16 percent, to lower rates of 13.4 percent for familial abuse and 10.0 percent for nonfamilial sexual abuse among women in nonclinical, college samples. In a more recent study of 300 clients seeking help at the university counselling center,... a history of childhood sexual abuse (was found) in approximately one-third of those coming to the center for personal therapy”* (Chew, 1998:7).

Vraag 10: Redes vir vertraagde openbaarmaking van seksuele misbruik

Die respondente is gevra om hulle eie menings oor die redes vir die vertraagde openbaarmaking van seksuele misbruik as kind te verstrek. Uit die antwoorde het die volgende aspekte na vore gekom:

- **Vrees en geheimhouding:**

Die respondente se antwoorde het meestal ooreengestem. Vrees speel volgens hulle 'n groot rol in die rede waarom kinders nie dadelik die seksuele misbruik wil openbaar nie:

- ✓ *“Because they fear that the abuser will come back and hurt them. They fear that they will not be believed”.*
- ✓ *“Vrees is 'n groot faktor. As jong volwassene weet jy dat jy vir jouself kan opstaan en dit wat met jou gebeur het verbaal beter uitdruk. En kan jy kontak verbreek met die persoon”.*
- ✓ *“Because at a young age they are still too scared to tell, because they are afraid that they will get abused again.*
- ✓ *“Mens is vrek bang. Wat gaan gebeur as die persoon wat dit doen uitvind jy vertel, jy is nog so klein...? Mens dink jy is die enigste een met die probleem. Het 'n hele “mindblock” teen dit en probeer om daarvan te*

vergeet want dit maak seer. Om daaroor te praat bring slegte emosies so dit voel beter om dit net te onderdruk. Voel vuil en skaam...

✓ *"I think at that time (young adulthood) they have overcome the fear of fearing the abuser".*

Lyon (1996:14) maak melding van 'n studie waaruit dit geblyk het dat kinders onwillig is om die misbruik te openbaar. Die kinders wat daarin misluk het om meer ernstige misbruik te openbaar, het die hoogste syfers van vrees getoon. Hulle beskryf onder andere die vrees om die affeksie en guns van die oortreder te verloor; die vrees vir die gevolge van openbaarmaking (om geblameer of gestraf te word vir die misbruik deur die nie-misbruikende ouer); die vrees om seergemaak te word en die vrees vir vergelding teen iemand in hulle familie as redes om te swyg oor die seksuele misbruik wat hulle as kind ondervind het. Vanuit navorsing wat gedoen is, is bevind dat: *"Many children report fears about telling or regret the disclosure because of the outcome"* (Briere et al., 1996:54). Bruck et al. (2005:202) ondersteun hierdie siening: *"Children do not disclose because they are afraid of the perpetrator who physically coerced or harmed them"*.

Een manier waarop die oortreder die slagoffer probeer stilhou, is deur die gebruikmaking van dreigemente. Die oortreder dreig die kind om die seksuele misbruik stil te hou en so kom die misbruik gewoonlik nie aan die lig nie: *"By its very nature, child sexual abuse is an activity that is committed in secret. The secrecy makes it impossible for us to have a reliable or accurate picture of the magnitude of this social reality"* (Petty, 2005:118). Bruck et al. (2005:202) verduidelik verder dat die gebruik van dreigemente die geheimhouding van die misbruik versterk: *"Children do not disclose because they are threatened with consequences of disclosure that involve harm to family members or to the self"*. Dreigemente verminder dus die moontlikheid dat slagoffers die misbruik sal openbaar. In studies wat gedoen is met slagoffers wat as kinders seksueel misbruik is, blyk dit egter dat slagoffers wat gedreig word net so geredelik die misbruik sal openbaar as slagoffers wat nie gedreig word nie (Lyon, 1996:12-13).

- **Oningeligtheid:**

Ses respondente is van mening dat kinders nie genoeg ingelig is oor seksuele misbruik nie en dan sodra dit met hulle gebeur, verstaan hulle nie wat plaasvind nie.

Sodra hulle egter ouer word of meer begin leer oor die dinamika van seksuele misbruik is hulle bereid om daaroor te praat:

- ✓ *"I think they were not sure if it was right or wrong. They did not have knowledge of the abuse".*
- ✓ *"Dikwels het die kind nie 'n idee dat die daad en dit wat met hulle gedoen is verkeerd is nie. Ek dink dit hang af van die kind se ouderdom en verstaan vlak".*
- ✓ *"Because sometimes the child does not understand what have just occurred to them is actually abuse, sometimes they blame themselves, sometimes the abuser threatened them".*
- ✓ *"When they are still young they don't understand, when they start going to school they get all the information and that is where they realise they have always been the victims".*
- ✓ *"Hul is ouer en voel daar word nou meer na hul geluister. Hul verstaan wat gebeur het is verkeerd en strafbaar".*
- ✓ *"Now they are mature enough to know that what was done to them was wrong. Maybe when they were younger they were afraid".*

Navorsing wat gedoen is deur Petty (2005: 83) toon dat: *"Understanding of sexual interactions between people is only possible when a child is physically, emotionally and intellectually developed"*. Jong slagoffers verstaan nie altyd wat seksuele misbruik is nie, en het nie die vermoë om sin te maak van wat met hulle gebeur het nie, of om selfs die misbruik verbaal te openbaar nie.

Jong kinders sal seksuele misbruik meestal toevallig openbaar maak, maar wel geseksualiseerde gedrag toon of iets uiter oor die misbruik aan 'n ander persoon: *"Sexualized behaviour that was age-inappropriate and/or excessive was commonly seen in the pre-school and young school years and was the impetus in 14% of the cases"* (Sorenson & Snow, 1991:6).

Kinders behoort van jongs af ingelig te word oor seksuele misbruik. Navorsing deur Sorenson en Snow (1991:6) toon: *"The impetus to disclose purposefully...included educational awareness in 24% of the total sample and involved school programs from touch prevention to divorce and social skills groups, with early school age*

children being in the group most influenced". Dit is dus belangrik om kinders al in die vroeë ontwikkelingsfase voor te berei met ouderdomsgepaste inligting rondom seksuele misbruik en die mees effektiewe wyse om dit te doen en die kinders te bereik, is deur die gebruik van bewusmakingsprogramme in skole.

- **Gevoel van onsekerheid en skuld:**

Vyf van die respondente het ook melding gemaak van kinders se gevoelens van onsekerheid en skaamte, min selfvertroue en weerloosheid wat hulle keer om die seksuele misbruik te openbaar aan ander persone:

- ✓ *"Want as 'n kind is jy broos, oningelig, en bang en as jy volwasse stadium bereik het jy meer selfvertroue en verstaan waaroor dit gaan"*.
- ✓ *"By that age they feel they have more power or control over the situation and at an early age they are victims and feel frightened"*.
- ✓ *"They might feel that people will look at them otherwise or that they lie about it"*.
- ✓ *"I think it is because of fear of what people will say and the fact that they are ashamed about this matter"*.
- ✓ *"Kinders is bang en skaam om daaroor te praat. Hulle is onseker oor hoe om dit te hanteer en bly maar eerder stil"*.

Slagoffers van kinderseksuele misbruik mag hulself blameer vir die misbruik en oortuig wees dat hulle erkenning van die misbruik nie geglo sal word nie: *"Children who have been sexually abused may respond with self-blame and self-doubt"* (Bruck *et al.*, 2005:195). Hierdie gevoelens van selfblaam en -twyfel kan na verwys word as stigmatisering.

Stigmatisering verwys na die negatiewe konnotasies byvoorbeeld sonde, skuldgevoelens en skaamte, wat oorgedra word aan die kind oor die ervaringe en dan geïnkorporeer word in die kind se selfbeeld: *"The National Department of Health states that many victims do not report their rape because of the shame associated with it, the fear of retribution and the expectation of being subjected to awkward experiences with the police, courts of law and the health services"* (Ah Hing, 2010:34).

Stigmatisering vind op verskeie wyses plaas, byvoorbeeld direk van die oortreder wie die kind blameer vir die seksuele daad, of vanuit die kind se vroeëre kennis dat die seksuele aktiwiteit onaanvaarbaar of taboe is. Hierdie siening word veral versterk deur persone wat ná die openbaarmaking van die misbruik reageer met skok en histerie of selfs die kind blameer vir wat gebeur het (Finkelhor, 1994:29-30).

- **Verwerking van trauma:**

Twee respondente was dit eens dat die persoon tyd nodig het om die trauma te verwerk en sodra die seer meer hanteerbaar is, kan dit makliker wees vir die persoon om die seksuele misbruik te openbaar:

- ✓ *“Want dis ‘n proses wat hulle moet verwerk en die trauma waardeur hulle moet gaan”.*
- ✓ *“Want dan is die seer al meer weg en dit is nie so direk meer gemik op ‘n mens nie”.*

Dit is ook moontlik dat die jong volwassene as kind die seksuele misbruik probeer vergeet het of dissosiasie as verdedigingsmeganisme gebruik het om die trauma van die seksuele misbruik te kon verwerk. Dissosiasie kan gedefinieer word as ‘n ontwrigting in die normale integrerende funksies van bewustheid, geheue, identiteit, en persepsie. Dit sluit afleiding, vermyding, gevoelloosheid, dagdromery, fantasie en in die ergste gevalle katatonie of floutes in. In die geval waar die ouer die oortreder is, verskaf dissosiasie ‘n weg uit die allervreeslike interpersoonlike dilemma wat kinderslagoffers van seksuele misbruik ervaar. Hulle word blootgestel aan die pyn van die misbruik, en aangesien die oortreder die ouer is, bly die kind afhanklik van hom of haar vir hulle oorlewing (Kendall & Stien, 1998:115,117).

Hierdie vier faktore wat ontgin is vanuit die respondente se antwoorde kan beskou word as die hoofredes waarom kinders die seksuele misbruik eers later in hulle jong volwasse lewensfase openbaar maak. Die kind beleef vrees op verskeie vlakke, onder andere ‘n vrees vir verwerping indien hy of sy die misbruik openbaar; ‘n vrees vir die oortreder self, asook die realisering van dreigemente wat gemaak is deur die oortreder indien hy of sy sou praat oor die misbruik. Baie kinders is ook oningelig oor seksuele misbruik en verstaan nie dat seksuele aktiwiteite met ‘n kind verkeerd is nie. Sodra die slagoffer ouer raak, verkry hulle meer inligting oor seksuele misbruik en kan hulle erken dat hulle dit ook beleef het.

Die slagoffers ervaar moontlik 'n gevoel van skaamte en skuld oor die seksuele misbruik. Alhoewel die slagoffers weet dat die seksuele misbruik van kinders verkeerd is, huiwer hulle om dit te openbaar as gevolg van die stigmatisering daarvan. Slagoffers kan ook dissosiasie ervaar as gevolg van die trauma van die seksuele misbruik en hulle kan dan die herinneringe aan die seksuele daad uit hulle geheue blok. Dissosiasie kan veroorsaak dat die slagoffers nooit of eers later in hulle lewens die misbruik onthou en besluit om dit te openbaar.

Vraag 11: Idees vir die oprigting, bemerking en/of bewusmaking van hulpbronne vir jong volwasse slagoffers van seksuele misbruik as kind

Ses respondente het nie hierdie vraag beantwoord nie. Die respondente is gevra om 'n program te ontwerp vir slagoffers van seksuele misbruik as kind. Hierdie program moes geskik wees vir slagoffers wat die behoefte het om die seksuele misbruikervaring vir die eerste keer te openbaar. Verskeie idees het na vore gekom vanuit die respondente se antwoorde:

- **Lesings, praatjies en veldtogte**
- ✓ *“Gesprek in die Amfi in lunch.”*
- ✓ *“Mond-tot-mond verspreiding.”*
- ✓ *“Do an awareness campaign. Get the relevant people involved such as counsellors, social workers, psychologists and the police. ”*
- ✓ *“I would start talking to the lecturers in different departments.”*
- ✓ *“Deur middel van praatjies om die program bekend te stel.”*
- ✓ *“Vra dosente om dit in klasse te noem.”*
- ✓ *“I will get the different faculties’ student committees involved in order to spread the word in classes and as well as get help from the clinic”.*

Sommige respondente het besluit om praatjies te hou by die verskeie koshuise op die Potchefstroomkampus om die studente bewus te maak van seksuele misbruik en om dan ook 'n behoeftebepaling te doen sodat 'n groep gestig kan word vir slagoffers van seksuele misbruik as kinders. Twee respondente het besluit om gesprekke te hou met die studente tydens etenstye op die

Potchefstroomkampus by die Amfi-teater. Die insluiting van die verskillende fakulteite se studentekomitees mag help om te verseker dat die meerderheid studente op kampus betrokke raak by so 'n bewusmakingsprogram, aangesien hulle vanuit hulle onderskeie fakulteite projekte kan loods om studente bewus te maak en op te voed oor die trauma wat seksuele misbruik van kinders het op die jong volwassene.

Terwyl voorkoming die hoofdoel is, word verbeterde bewustheid en opvoeding van gemeenskappe en professionele persone ook benodig om te verseker dat geskikte en kwaliteit sorg beskikbaar is vir alle kinders wat seksueel misbruik is (Sapp & Vandeven, 2005:258). Die gebruik van media veldtogte kan help om gemeenskappe op te voed in die dinamika van seksuele misbruik van kinders: *“Media campaigns (radio, print media and television) have attempted to enhance public awareness. Media presentations have helped to demystify and reduce the secrecy surrounding child sexual abuse.”* (Tomison, 1995:14).

- **Koerante, radio en ander audio-visuele materiale**

- ✓ *“Deur te adverteer in plaaslike koerante.”*
- ✓ *“Ek sal die mense van my groep bewus maak deur 'n artikel in die Wapad (kampus koerant) te plaas en plakkate op te sit asook deur op PUK fm te praat.”*
- ✓ *“Plakkate by dameskoshuise en toilette met noodnommers.”*
- ✓ *“Plakkate en pamflette.”*
- ✓ *“Ek sal posters opsit op kampus.”*
- ✓ *“Deur advertering van projek op radio en koerante, sowel op kampusse en skole.”*
- ✓ *“I would use posters and go to the local radio stations eg. PUK-fm and Aganeng-fm in Ikageng.”*
- ✓ *“Send pamphlets to areas where they could be reached by students and launch a campaign and radio announcements.”*

Die gebruik van plakkate, advertensies en radioprogramme wat die jong volwasse slagoffers uitnooi om hulp te kry en deel uit te maak van 'n terapeutiese groep vir

slagoffers wat as kinders seksueel misbruik is, is as 'n moontlikheid genoem: "... *in future media should be better used, targeting perpetrators, victims, and parents with more detailed information about seeking help, where to obtain assistance... (such as) hard-hitting advertising campaigns to discourage drunk driving and driving without seatbelts. The advertisements illustrate the unacceptable and undesirable nature of such behaviour and present the consequences of such behaviour very explicitly (graphic car accidents). Such an approach should be useful for the secondary and tertiary prevention of family violence.*" (Tomison, 1995:14). So 'n benadering kan ook gebruik word vir 'n veldtog oor seksuele misbruik van kinders en kan as 'n toekomstige metode gebruik word om seksuele misbruik van kinders te bekamp.

- **Internet**

- ✓ "*n Sms-lyn daarstel... en selfs aanlyn registrasie.*"
- ✓ "*By sending e-mail messages.*"
- ✓ "*Use e-mails.*"

Een respondent het voorgestel dat gebruik gemaak word van e-posse, aanlyn-registrasie en 'n sms-lyn om die studente bewus te maak van die program. 'n Groep moet dan gestig word wat op 'n voorafbepaalde plek sal vergader.

Die gebruik van die internet vir die bewusmaking van seksuele misbruik van kinders kan daartoe lei dat groot hoeveelhede persone bereik kan word. 'n Voorbeeld van 'n internetwebtuiste vir hierdie doeleinde word deur Bramsen *et al.* (2009:898) bespreek: "*a National Web site was created in Denmark and is run by the CRV (Center for Rape Victims), and is used to support victims, relatives, and professionals throughout the country...*". Die webtuiste verskaf hulpbronne en inligting oor die trauma van verkragting en seksuele aanranding. Dit inkorporeer ook 'n posdiens, waar die publiek op 'n anonieme basis vrae kan vra oor sake wat verband hou met verkragting en seksuele aanranding. Antwoorde word deur personeellede van die CRV geredigeer en dan weer gepos aan alle lesers op die webtuiste. Toegang tot die webtuiste benodig nie 'n wagwoord nie. Vrae en kommentaar word nagegaan en geredigeer indien nodig. Enige identifiseerbare inligting word verswyg en die gebruiker is dus anoniem.

Nog voorbeelde van webtuistes vir die bewusmaking van kinderseksuele misbruik is onder andere *TAALK (Talk About Abuse to Liberate Kids)*, *Childline* en *Lifeline*. *TAALK* is 'n Verenigde State gebaseerde, nie-winsgewende organisasie met 'n kern uitgangspunt dat seksuele misbruik van kinders voorspelbaar is en voorkom kan word wanneer kinders met kennis deur volwassenes bemagtig word. *TAALK* verskaf dienste aan alle lede in die gemeenskap onder andere: slagoffers van kinderseksuele misbruik; die ouers van slagoffers; gemeenskapsleiers; ander organisasies vir die seksuele misbruik van kinders; seksuele oortreders en professionele persone wat opleiding benodig in kinderseksuele misbruik (*TAALK*, 2011). *Childline South Africa* het ook 'n webtuiste wat waardevolle inligting verskaf aan ouers en kinders rakende seksuele misbruik.

- **Groepwerk**

- ✓ *“Om 'n groep jong mense wat dieselfde ervaring deel bymekaar te kry.”*
- ✓ *“My plan will consist of other victims, doctors, students, so that we can be able to assist one another. And other social workers will have to be present to make it more comfortable.”*
- ✓ *“Program sal bestaan uit groepsessies waar die lede vertroulik kan praat oor die misbruik; waar lede mekaar aanmoedig om mekaar te ondersteun; waar gefokus word op selfvertroue en selfbeeld; waar 'n gesonde verhouding uitgebeeld word”.*
- ✓ *“Sal 'n groep daarvoor hou.”*
- ✓ *“My program sal daaruit bestaan om dit op die slagoffers se harte te druk dat dit nie hul skuld is nie. Ek sal hulle ook graag die geleentheid wil gee om daarvoor te praat, veral oor hoe hul daarvoor voel. Ek sal alles in my vermoë doen om die slagoffers se selfbeeld en vertroue in ander mense op te bou”.*

Een van die voorstelle wat gemaak is, is dat die program sal bestaan uit groepwerk waar die studente verseker word dat die proses vertroulik hanteer sal word. Hierdie voorstel sal die privaatheid van die jong volwasse slagoffers verseker.

Die gebruik van groepwerk vir die bewusmaking van kinderseksuele misbruik sal ideaal wees vir gebruik deur jong volwassenes. *“Group work is particularly effective*

with child sexual assault victims because it breaks down their feelings of isolation, builds social skills, teaches appropriate boundary settings, and helps them realize they are normal." (Camerer *et al.*, 2000:10). Navorsing wat gedoen is oor die invloed van die portuurgroepe op jongmense ondersteun die idee dat die daarstelling van 'n ondersteuningsgroep die slagoffers sal help om die misbruik te openbaar sodoende kan hy of sy die trauma verwerk: *"Influence of peers, 10% of the sample, and predominately among teens, ranged from following the example of another who disclosed as well as encouraging and supporting a victim to disclose through the reporting process"* (Sorenson & Snow, 1991:6).

Een respondent het genoem dat die groepwerk behoort te bestaan uit 'n span van jong volwasse slagoffers, dokters en maatskaplike werkers sodat hulle mekaar kan bystaan en leer van die onderskeie aspekte van kinderseksuele misbruik. Nog voorstelle aan die hand gedoen vir die insluiting van polisielede, sielkundiges en beraders, asook voormalige seksuele oortreders in die groepwerksessies. Dit beteken dus dat hierdie respondente belangstelling toon in die gebruik van die multi-dimensionele span om die jong volwasse slagoffer by te staan: *"a MDT (Multi Disciplinary team) is a group of professionals who work together in a coordinated and collaborative manner to ensure an effective response to reports of child sexual abuse and neglect. Members of the team represent the government agencies and private practitioners responsible for investigating crimes against children and protecting and treating children in a particular community. A MDT may focus on investigation; policy issues; treatment of victims, their families, and perpetrators; or a combination of these functions"* (Bilchik, 1999:3).

Die multi-dissiplinêre benadering moet gevolg word vir die berading van slagoffers van seksuele misbruik van kinders: *"The multidisciplinary approach appears to be beneficial to survivors of sexual assault, as it enables responding professionals to better support victims and hold offenders accountable"* (Bramsen *et al.*, 2009:888).

Voorbeelde van onderwerpe wat na vore gekom het vir bespreking tydens die groepwerk is onder andere:

- ✓ Wat is seksuele misbruik en hoe vind dit plaas?
- ✓ Hoe kan seksuele misbruik hanteer word?
- ✓ Skuldgevoelens

- ✓ Vertroue
- ✓ Leuens as teenpool van die waarheid
- ✓ Wat is die verskil tussen liefde en seks?
- ✓ Hoe verhoudings sal verander na die openbaarmaking van die misbruik
- ✓ Ondersteuning van ander slagoffers om die seksuele misbruik openbaar te maak
- ✓ Wat is die invloed van die openbaarmaking van die misbruik op die lewens van die slagoffers as die proses afgehandel is?

Een respondent het sterk klem daarop gelê dat die groep hanteer moet word vanuit 'n Christelike oogpunt en dat die Bybel sover moontlik geïnkorporeer moet word met die oog op genesing. Kennedy (1995:9) verwys daarna dat baie slagoffers van seksuele misbruik krag en ondersteuning verkry uit hulle Christelike geloof. Sy waarsku egter dat sekere slagoffers bedreig voel en negatiewe konnotasies met die kerk en geloof kan hê (soos byvoorbeeld dat slagoffers vir vergifnis en reiniging van die sonde van die seksuele daad moet bid om hulself te red) en dat dit 'n negatiewe invloed op die slagoffer se verwerking van die trauma kan hê indien geloofsaspekte verkeerdelik toegepas word tydens groepwerk. Groepwerk wat baseer is op Christelike waardes moet plaasvind in 'n nie-dreigende en aanvarende atmosfeer waar slagoffers nie verplig voel om enige oortuigings in geloof aan te neem nie, maar welkom voel by die groepsessies.

In 1991-1992 is daar 'n massamediaveldtog onderneem in Nederland. Die doel van die veldtog was om die openbaarmaking van misbruik van kinders te verhoog, beide deur die slagoffers en diegene in nabye kontak met kinders, soos onderwysers. Die veldtog het 'n dokumentêre televisiereeks, kort films, advertensies, 'n radioprogram en visuele materiaal soos koerante, boekies, plakkate en pamflette ingesluit. Opleidingsessies is ook verskaf aan onderwysers. Na hierdie bewusmakingsveldtog, is bevind dat die massamediaveldtog die vlak van openbaarmaking verhoog het, soos afgelei kon word deur die aantal telefoonoproepe aan die *National Child Line Service* voor en na die veldtog (Dahlberg *et al.*, 2002:76).

9. GEVOLGTREKKINGS

Suid-Afrika het 'n hoë voorkoms van seksuele misbruik van kinders, met ten minste eenkwart van kinders wat slagoffers is of gaan wees voordat hulle 18 jaar oud word (Ah Hing, 2010:33). Kinderseksuele misbruik is 'n proses waar die oortreder sy slagoffer stadig voorberei op die misbruik. Seksuele misbruik van kinders kan gedefinieer word as seksuele aktiwiteite wat plaasvind tussen 'n ouer persoon en 'n kind ('n persoon onder 18 jaar) met óf sonder die toestemming van die kind om die seksuele behoeftes van die oortreder te bevredig. Seksuele aktiwiteite sluit 'n wye verskeidenheid dade van 'n seksuele aard in. Hierdie dade sluit ook kontak en nie-kontak seksuele dade in. Die seksuele misbruik kan plaasvind met of sonder dwang en/of dreigemente wat deur die oortreder gemaak word.

Die seksuele oortreder kan 'n vriend of familielid wees van die kind en sal nie soseer verskil van enige ander normaal funksionerende persoon in die gemeenskap nie. Oortreders verkies meestal kinders wat op die laagste vlak van hul seksuele ontwikkeling is.

Kinderseksuele misbruik het negatiewe langtermyn-effekte op die interpersoonlike verhoudings, gedrag en denke van die jong volwasse slagoffer. Slagoffers van seksuele misbruik voel hulle moet in beheer wees van intimiteit in 'n verhouding en beskou intimiteit as 'n bedreiging. Die oortreder het 'n vertrouensverhouding gebou en toe die kind misbruik en hierdie verbreking van vertrouensverhouding skep vir die slagoffer 'n wantroue in toekomstige verhoudings of vriendskappe, en die slagoffer kan 'n wanpersepsie van die liefde vorm. Slagoffers beleef emosionele afgestomptheid en onderdrukte seer (Petty; 2005:120). Sommige slagoffers het 'n lae selfbeeld en oorweeg gereeld selfmoord. Slagoffers mag baie angstig raak in sekere situasies, veral as hulle voel hul nie beheer oor 'n situasie nie. Slagoffers internaliseer verwronge boodskappe van hulself en hierdie boodskappe weerspieël die slagoffers se gedrag.

Slagoffers van seksuele misbruik kan oorbeskermend optree teenoor sy of haar eie kinders; hulself isoleer van die gemeenskap; seksuele probleme ervaar en 'n negatiewe houding hê oor seksuele omgang; fisiese nabyheid as 'n dreigement beskou of losbandige gedrag openbaar; self 'n seksuele oortreder word, en/of herviktimisering ervaar.

Slagoffers verkies om meestal met hulle ouers of vriende te gesels oor die seksuele misbruik. Die moeder se ondersteuning van die kind het 'n hewige impak op die kind se openbaarmaking en hantering van seksuele misbruik. Slagoffers het 'n vertroueling beskryf as nie-veroordelend, ondersteunend, behulpsaam, betroubaar, en iemand met goeie luistervaardighede. Slagoffers moet voel hulle kan die persoon ten volle vertrou met die inligting oor die kinderseksuele misbruik.

Die ouderdom waarop die slagoffer seksueel misbruik word, stem ooreen met die vertroueling aan wie die slagoffer besluit om die misbruik te openbaar. So sal adolessente meer geneig wees om die misbruik te openbaar aan 'n vriend of vriendin van dieselfde ouderdom, waar jonger kinders geneig sal wees om die misbruik te openbaar aan 'n ouer of versorger.

Onderwysers is in die ideale posisie om kinderslagoffers van seksuele misbruik te help. Skoolgebaseerde voorkomingsprogramme vir die bewusmaking en voorkoming van seksuele misbruik van kinders kan die voorkoms van die misbruik te verlaag.

Wanneer kinders die seksuele misbruik openbaar maak, is hulle meestal geneig om 'n ouer te vertel daarvan. Dit is egter kommerwekkend hoeveel ouers, veral moeders, sukkel om die misbruik te rapporteer aan die owerhede omdat hulle skuldig voel oor die misbruik.

Terwyl 20.8% van jong volwassenes tydens hierdie navorsing van mening is dat hulle gemeenskappe nie beskik oor die nodige hulpbronne vir die hantering van kinderseksuele misbruik nie, is 29.2% van jong volwassenes oortuig dat hulle gemeenskappe wel die nodige hulpbronne het vir die hantering van kindermisbruik. Die meeste jong volwassenes tydens hierdie navorsing (50%) is onseker oor die beskikbaarheid van hulpbronne in hulle gemeenskappe vir die voorkoming van kinderseksuele misbruik. CMR en *Childline* is meer bekende organisasies in Suid-Afrika wat dien as ondersteuningshulpbronne vir slagoffers wat misbruik is as kind.

Die omgewing waarin die kind die seksuele misbruik openbaar, moet 'n veilige en ontspanne atmosfeer hê. Die ideale plekke vir die openbaarmaking van seksuele misbruik is moontlik in 'n kantoor, parkie of selfs die kind se eie huis, afhangende van waar die kind gemaklik sal voel. Die kind sal geneig wees om die seksuele misbruik te openbaar aan 'n persoon wie hy of sy respekteer en vertrou, en hierdie persoon moet die kind glo en bystaan. Dit kan ook help as die kind tussen ander

slagoffers van kinderseksuele misbruik is tydens die openbaarmaking van die misbruik. Verder is dit ideaal as slagoffers dadelik of so vinnig as moontlik ná die afloop van die daad die seksuele misbruik openbaar sodat hulle beskerm kan word teen verdere misbruik. Dit is egter uit vorige navorsing bevind dat kinders min kere die misbruik openbaar direk nadat dit plaasgevind het, maar meer as 'n jaar kan neem om die misbruik te beken. Ander slagoffers wag eers tot hulle volwasse jare om die misbruik openbaar te maak.

Tydens die studie is bevind dat 63.6% van jong volwassenes onder die indruk is dat die gemeenskap nie genoeg kennis dra oor kinderseksuele misbruik nie, terwyl net 22.72% van jong volwassenes voel die gemeenskap is wel goed genoeg ingelig daarvoor. Dit blyk dus dat jong volwassenes van mening is dat hulle gemeenskappe nie voorberei is op die ware impak en hoë voorkoms van kinderseksuele misbruik nie, en dat hulle gemeenskappe nie die nodige voorkomingshulpbronne daarvoor het nie.

Baie slagoffers van kinderseksuele misbruik sal die misbruik eers openbaar maak in hulle jong volwasse jare. Redes vir die vertraging van die openbaarmaking van die seksuele misbruik sluit in: vrees, skuldgevoelens en onsekerheid, oningeligtheid en verwerking van die trauma.

Groepwerk met slagoffers van kinderseksuele misbruik is die ideale metode om die slagoffers te help om die trauma van die misbruik te verwerk. Die groepwerk behoort uit 'n multi-dissiplinêre behandelingspan te bestaan, onder andere maatskaplike werkers, sielkundiges, dokters en polisielede. Die groep behoort te bestaan uit jong volwassenes van dieselfde ouderdomsgroep. Vorige navorsing wat gedoen is oor die invloed van 'n ondersteuningsgroep op die openbaarmaking van kinderseksuele misbruik, toon dat jong volwassenes dit makliker vind om kinderseksuele misbruik te openbaar in 'n groep van slagoffers wat dieselfde ervarings as hulle ondergaan het.

Die gebruik van koerante, advertensies en ander audio-visuele materiale kan help om die gemeenskap en jong volwasse slagoffers in te lig oor die omvang van kinderseksuele misbruik en hulp wat daarvoor beskikbaar is.

Die internet moet ingespan word as 'n tegnologiese hulpbron vir die bewusmaking van kinderseksuele misbruik. Webtuistes wat ontwerp word vir hierdie doeleindes

moet maklik bruikbaar wees en die slagoffers se identiteite vertroulik hanteer. Telefoniese beradingsdienste soos *Lifeline* kan die slagoffer se identiteit vertroulik hou en terselfdertyd die slagoffer help om die seksuele misbruik te openbaar.

Die gebruik van multimedieveldtogte kan help om gemeenskappe op te voed in die dinamika van seksuele misbruik van kinders. Universiteitskampusse kan baatvind daarby om lesings en praatjies te hou met studente by koshuise oor kinderseksuele misbruik en die betrekking van die verskeie fakulteite by so 'n bewusmakingsveldtog kan verseker dat die meerderheid van die studente bereik word.

10. AANBEVELINGS

Ouers en onderwysers is in die ideale posisies om kinders vanaf 'n jong ouderdom op 'n gepaste wyse in te lig oor seksuele misbruik. Dit sal voordelig wees vir ouers om lesings by te woon waar hulle ingelig word oor die simptome van seksuele misbruik van kinders asook oor hoe om hulle eie kinders te hanteer. Elke ouer behoort te streef na 'n goeie vertrouensverhouding met hulle kind en moet op die uitkyk wees vir situasies waarin hulle kind blootgestel kan wees aan seksuele uitbuiting. Skole moet hulle onderwysers jaarliks stuur na bewusmakingsprogramme om sodoende die dinamika van kinderseksuele misbruik te kan identifiseer. Onderwysers moet kinders ook op 'n vroeë ouderdom inlig oor seksuele misbruik sodat hulle sodanige insidente kan identifiseer en rapporteer.

Dit is maatskaplike werkers in die professie se plig om bewusmakingsveldtogte te loods oor seksuele misbruik onder jong kinders. Hoe vroeër kinders kennis verkry oor wat seksuele misbruik behels, hoe vroeër kan hulle sulke insidente identifiseer of selfs voorkom. Dit kan ook voordelig wees om bewusmakingsprogramme by skole te begin byvoorbeeld by laerskole waar die kinders op 'n gepaste wyse ingelig word oor die dinamika van seksuele misbruik.

'n Bewusmakingsveldtog moet op universiteitskampusse gehou word om jong volwasse slagoffers bewus te maak van hulp vir slagoffers wat as kind misbruik is. Tydens hierdie veldtog moet gebruik gemaak word van multimedia soos koerantartikels, kampusradioprogramme, internet, telefoon, pamflette en plakkate wat terapeutiese dienste aan die jong volwassenes adverteer.

'n Groepwerkprogram vir ouers is 'n ideale platform vir die bewusmaking van seksuele misbruik. Ouers kan waardevolle inligting en advies met mekaar deel oor kinderseksuele misbruik, en mekaar ondersteun indien hulle kind/ers slagoffers was van seksuele misbruik. Groepwerk met slagoffers van seksuele misbruik kan voordelig wees omdat die slagoffers gehelp word om die trauma van die seksuele misbruik te oorkom met behulp van die ondersteuning van ander slagoffers.

'n Kind kan besluit om seksuele misbruik ten enige tyd te openbaar aan 'n vertroueling. Hierdie persoon waaraan 'n kinderslagoffer die seksuele misbruik openbaar moet op die volgende aspekte let:

- Die kind vertrou die persoon genoeg om die seksuele misbruik aan hom of haar te openbaar. Hierdie persoon moet dan ten alle tye die kind glo en nooit die kind laat twyfel oor sy of haar geloof in die kind se openbaarmaking nie.
- Die kind mag van die persoon verwag om die openbaarmaking van die seksuele misbruik vertroulik te hou. Dit is belangrik om te onthou dat dit elke persoon se verantwoordelikheid is om so 'n insident te rapporteer. Daarom is dit belangrik om kinders te verseker dat hulle beskerm sal word, maar dat dit soms nodig is om met iemand anders te praat wat ook vertrou kan word, sodat die seksuele misbruik stopgesit kan word.

11. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING

- Om meer akkurate resultate te verkry, is dit moontlik nodig om meer respondente by die navorsing oor seksuele misbruik van kinders te betrek.
- Navorsing oor die sistematiese verhoudings wat bestaan tussen demografiese variante (soos ras en etnisiteit) en die openbaarmaking van seksuele misbruik tydens die kinderjare kan onderneem word.
- Dit word ook aanbeveel dat meer manlike respondente in die toekoms ingesluit moet word in navorsing oor die seksuele misbruik van kinders. Studies wat gedoen is, toon dat: "...female social workers believed abuse reports more than did male social workers....Female social workers are more empathetic than are male social workers because they are nurturers

and protectors of children (whether culturally or biologically determined)” (DeMarni Cromer & Freyd, 2007:14). Die moontlikheid bestaan dat manlike maatskaplikewerk-studente nuttige inligting kan gee oor die invloed van seksuele misbruik as kind op jong volwasse mans.

- Verdere navorsing op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit kan ook met jong volwasse slagoffers van seksuele misbruik as kind gedoen word ten einde meer akkurate resultate te verkry oor die openbaarmaking van seksuele misbruik van kinders.

12. VERWYSINGS

AH HING, A.D. 2010. The impact of child sexual abuse (CSA) on the school life experiences and academic performance of adult CSA survivors. Nelson Mandela Metropolitan University.

ANDERSON, K.M. & HIERSTEINER, C. 2008. Recovering From Childhood Sexual Abuse: Is a “Storybook Ending” Possible? *The American Journal of Family Therapy*, 36:413-424.

BAILEY, K.D. 1994. Methods of social research. New York: The Free Press.

BAUCUM, D. & CRAIG, G.J. 2001. Human Development. 9th ed. New Jersey: Pearson Education.

BARLOW, D.H. & DURAND, V.M. 2005. Abnormal Psychology: An Integrative Approach. Belmont, California: Wadsworth.

BAUM, S.K. & HECHT, D.T. 1984. Loneliness and Attachment Patterns in Young Adults. *Journal of Clinical Psychology*, 40(1):193.

BILCHIK, S. 1999. Office of Juvenile Justice and Delinquency Prevention Research: Making a difference for juveniles. Washington: US Department of Justice.

BOSMAN-SADIE, H. & CORRIE, L. 2010. A Practical approach to the Children’s Act. Johannesburg: LexisNexis.

BRAMSEN, R.H., ELKLIT, A. & NIELSEN, L.H. 2009. A Danish model for treating victims of rape and sexual assault: The multidisciplinary public approach. *Journal of Agression, Maltreatment & Trauma*, 18:886-905

- BRIERE, J., BERLINER, L., BULKLEY, J.A., JENNY, C. & REID, T. 1996. The APSAC Handbook on Child Maltreatment: Aspects of Child Maltreatment. London: SAGE Publications.
- BRUCK, M., CECI, S.J., LONDON, K. & SHUMAN, D.W. 2005. Disclosure of child sexual abuse: What does the research tell us about the ways children tell? *Psychology, Public policy and Law*, 11(1): 194-226.
- CAMERER, C., DAMIANO, L. & GROTSKY, L. 2000. Sexually abused children: A practitioner's guide. California: SAGE Publications.
- CEDERBORG, A. C., LAMB, M.E., ORBACH, Y. & PIPE, M. 2007. Child Sexual Abuse: Disclosure, Delay and Denial. New Jersey: L. Erbaum.
- CHEW, J. 1998. Women survivors of child sexual abuse: Healing through groupwork. London: The Haworth Press.
- CHILDLINE. 2011. Childline South Africa: Partnerships.
<http://www.childlinesa.org.za> Datum van gebruik: 21 September 2011.
- CHILDREN'S ACT 38 OF 2005 **sien** SOUTH AFRICA. (2006).
- COLLINGS, S.J., GRIFFITHS, S. & KUMALO, M. 2005. Patterns of disclosure in child sexual abuse. *South African Journal of Psychology*, 35(2):270-285.
- COULBORN FALLER, K. 2003. Understanding and Assessing Child Sexual Maltreatment. 2nd ed. London: Sage Publications.
- DAHLBERG, L.L., KRUG, E.G., LOZANO, R., MERCY, J.A. & ZWI, A.B. 2002. World report on violence and health. Geneva: World Health Organisation.
- DE KOCK, Y. 2011. Huisgenoot my storie: Nie net my storie nie. *Huisgenoot*, 748: 80, 13 Okt.
- DEMARNI CROMER, L. & FREYD, J.J. 2007. What influences believing child sexual abuse disclosures? The roles of depicted memory persistence, participant gender, trauma history, and sexism. *Psychology of Women Quarterly*, 31(7):13-22.
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B., & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at Grassroots: For the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

- DICKSON, N., HERBISON, P., PAUL, C. & VAN ROODE, T. 2009. Child sexual abuse and persistence of risky sexual behaviors and negative sexual outcomes over adulthood: Findings from a birth cohort. *Child Abuse and Neglect*, 33:161-172.
- EVANS, G. & POOLE, M. 1991. *Young Adults: Self Perceptions and Life Contexts*. Pennsylvania: The Falmer Press.
- FINKELHOR, D. 1994. *Interview Training Manual: Traumatic Impact of Sexual Abuse*.
- FOYNES, M.M, FREYD, J.J. & DEPRINCE, A.P. 2009. Child Abuse: Betrayal and disclosure. *Child Abuse & Neglect*, 33:209-217.
- FRANCESCO, M.A., HICKS, K., POWELL, J., STYLES, K., TABOR, J.L. & HULTON, L.J. 2008. The Effect of Childhood Sexual Abuse on Adolescent Pregnancy: An Integrative Research Review. *Journal for Specialists in Pediatric Nursing*, 13(4):237-248.
- GREEN, A.H. & SCHETKY, D.H. 1988. *Child sexual abuse: A handbook for health care and legal professionals*. New York: Brunner/Mazel.
- GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. *Research in social work: A primer*. Itasca: F.E. Peacock Publishers.
- HANKS, H.G.I., HOBBS, C.J., & WYNNE, J.M. 2004. *Child abuse and neglect: A clinician's handbook*. London, UK: Elsevier Limited.
- HOWITT, D. 1995. *Paedophiles and Sexual Offenses against Children*. Loughborough University, UK: John Wiley & Sons.
- HUNTER, C. 2011. *Responding to children and young people's disclosures of abuse*. Melbourne, Australia: Australian Institute of Family Studies, September 2011.
- JOU WÊRELD E-TYDSKRIF. 2010. Die skandvlek van ons samelewing. <http://www.jouwereld.co.za> Januarie. Datum van gebruik: 10 November 2011.
- KENDALL, J. & STIEN, P.T. 1998. *Psychological Trauma and the Developing Brain: Neurologically based Interventions for Troubled Children*. New York, USA: The Haworth Press.

- KENNEDY, M. 1995. Christianity and child sexual abuse: Survivors informing the care of children following abuse. <http://www.rcpsych.ac.uk/> Datum van gebruik: 09 November 2011.
- KIWALA, L. & MAY-PARKER, J. 1988. Guidelines for police training on violence against women and child abuse. London, UK: The Commonwealth Secretariat.
- LEVINE, S. & STRATA, L. 1987. Personality characteristics of sex offenders: A review. 2nd ed. Boston: Allyn & Bacon.
- LOUW, A.E., LOUW, D.A. & VAN EDE, D.M. 2005. Menslike ontwikkeling. 3de dr. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.
- LYON, T. 1996. The Effect of Threats on Children's Disclosure of Sexual Abuse. *The APSAC Advisor*; 9(3):8-14.
- MCDONALD R. 2010. The Pedophilia/Pedophile Education Website: Mirror of a Censored Website. http://www.ipce.info/library_3/files/ped_ed_mirror.htm Datum van gebruik: 23 September 2011.
- NATIONAL ASSOCIATION OF SOCIAL WORKERS. 2002. NASW Practice Research Survey. <https://www.socialworkers.org/naswprn/demogr.pdf> Datum van gebruik: 28 Oktober 2011.
- NEW DICTIONARY OF SOCIAL WORK. 1995. Revised edition. Cape Town: Government Printers.
- NGCOBO, M. & PILLAY, B.J. 2008. Depression in African women presenting for psychological services at a general hospital. *African Journal of Psychiatry*, 11: 133-137.
- PETERS, D.K. & RANGE, L.M. 1995. Childhood sexual abuse and current suicidality in college women and men. *Child Abuse & Neglect*, 19(3):335-341.
- PETTY, A. 2005. Sexual Trauma: Only study guide for MGG202-X. Pretoria: University of South Africa.
- PRIEBE, G. & SVEDIN, C.G. 2008. Child Sexual Abuse is largely hidden from the adult Society: An epidemiological study of adolescents' disclosures. *Child abuse & Neglect*, 32:1095-1108.

- RAS, S. 2009. 'n Ondersoek na die emosionele behoeftes en problem van die seksueel misbruikte adolessent wat betrokke is by die hofsisteem. Universiteit van Stellenbosch.
- RUBIN, A. & BABBIE, E. 2001. Research methods for social work. Pacific Grove, California: Brooks/Cole.
- SANDERSON, C. 2006. Counselling adult survivors of child sexual abuse. 3rd ed. London, UK: Jessica Kingsley Publishers.
- SAPP, M.V. & VANDEVEN, A.M. 2005. Current opinion in paediatrics: Update on childhood sexual abuse. *Office Pediatrics*, 17(2):258-264.
- SCHUTTE, I. 2000. The prevention and early detection of sexual abuse. *CARSA*, 1(2):8-12.
- SGROI, S., BLICK, L. & PORTER, F. 1982. A Conceptual Framework for Child Sexual Abuse. Lexington, MA: Lexington Books.
- SORENSEN, T. & SNOW, B. 1991. How children tell: The process of disclosure in child sexual abuse. *Child Welfare League of America*, 70(1):3-15.
- SPIES, G.M. 2009. Restorative Justice: A way to support the healing process of a child exposed to incest. *Acta Criminologica*, 22(1):15-24.
- SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT 84 OF 1996 **sien** SOUTH AFRICA. (1996).
- SOUTH AFRICA. (1996). South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996). *Government gazette*, 17579. 15 Nov.
- SOUTH AFRICA. (2006). Children's Act, 2005 (Act No.38 of 2005). *Government gazette*, 28944. 19 Jun.
- STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delpont, C.S.I. (Eds.) *Research at grassroots: for the social sciences and human service professions*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- SWERDLOW-FREED, D.H. 1995. Research on disclosure of sexual abuse. http://expertpages.com/news/child_sexual_abuse_disclosure.htm Datum van gebruik: 01 November 2011.

- TAALK. 2011. Talk About Abuse to Liberate Kids. <http://www.taalk.org/Home%20Page> Date of access: 10 Sept. 2011.
- TOMISON, A.M. 1995. National Child Protection Clearinghouse: Update on Child Sexual Abuse. *Issues in Child Abuse Prevention*, 5:1-21.
- VAN DELFT, W.F. 2006. Life tasks, obstacles and resources and competence: only study guide for SCK204-6. Pretoria: University of South Africa.
- WAKEFIELD, C. 2002. Preventing and Reporting Child Abuse and Neglect: Guidance for School Personnel. Denver, Colorado.
- WASSERMAN, E.B. 1991. Dealing with Disclosure of Child Sexual Abuse. Sebastapol, Canada.
- WIELAND, S. 1997. Hearing the Internal Trauma: Working with Children and Adolescents Who Have Been Sexually Abused. London: Sage Publications.
- WITCHEL, R.I. 1988. Incest: A College Student Nightmare Which Challenges Our Boundaries. Paper presented at the Annual Meeting of the American College Personnel Association. Miami: Florida.
- ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. Understanding Human Behavior and the Social Environment. 6th ed. Belmont, California: Brooks/Cole

ADDENDUMS

ADDENDUM A: AFRIKAANSE VRAELYS AAN JONG VOLWASSE STUDENTE

VRAELYS VIR JONG VOLWASSE STUDENTE

AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Merk asseblief met 'n kruisie in die toepaslike blokkie:

1. OUDERDOM IN JARE

18-19 jaar	1	
20-21 jaar	2	
21-22 jaar	3	
22-23 jaar	4	
Oor 23 jaar	5	

2. GESLAG VAN RESPONDENT

Manlik	1	
Vroulik	2	

3. MOEDERTAAL

Afrikaans	1	
Engels	2	
Setswana	3	

Ander (skryf asseblief neer):

4. ETNIESE GROEP (skryf asseblief neer):

AFDELING B: KENNIS OOR SEKSUELE MISBRUIK

Vraag 1: Verduidelik wat jy verstaan onder die begrip ‘seksuele misbruik van kinders’:

Vraag 2: Seksuele misbruik as kind het langtermyneffekte op die slagoffer wat kan strek tot in hulle jong volwasse lewe. Wat is volgens jou opinie die ergste langtermyneffekte wat seksuele misbruik van kinders op die slagoffer het (i.e. die jong volwassene wat as kind seksuele misbruik ervaar het)?

AFDELING C: ONDERSTEUNINGSISTEME/HULPBRONNE

Vraag 3: Indien JY as kind ooit ‘n slagoffer van seksuele misbruik was of sou wees, met wie het jy daaroor gepraat of met wie sou jy verkies om daaroor te praat, en waarom sou jy daardie persoon kies?

Vraag 4: In watter volgorde dink jy sal 'n kind oor die ALGEMEEN verkies om met die volgende ondersteuningsisteme te praat indien hy of sy seksueel misbruik word?

Plaas die volgende items in rangorde van 1 tot 6, waar 1 'Meeste verkieslik' verteenwoordig, en 6 'minste verkieslik' verteenwoordig.

A	POLISIE (SAPD)	
B	NIE-MISBRUIKENDE OUER(S)	
C	ONBEKENDE PERSOON OF VREEMDELING	
D	ONDERWYSER	
E	ANDER PROFESSIONELE PERSONE Bv: Maatskaplike werker/Sielkundige/Dokter	
F	VRIEND(E)	

Vraag 5: Bestaan daar huidig 'n effektiewe ondersteuningsstelsel/hulpbron(ne) in jou EIE gemeenskap wat spesifiek gerig is op hulpverlening aan kinders slagoffers van seksuele misbruik en wat maklik toeganklik is vir kinders?

JA	1	NEE	2	ONSEKER	3
-----------	---	------------	---	----------------	---

Indien JA: Spesifiseer die naam van jou gemeenskap en die organisasie / stelsel wat hierdie tipe gevalle hanteer (Bv:Pretoria; Childline):

Vraag 6: Wat sal die ideale omstandighede wees vir 'n kind om seksuele misbruik in te openbaar?

Vraag 7: Dink jy die gemeenskap is goed genoeg ingelig oor die dinamika van seksuele misbruik van kinders om kinders daarteen te kan beskerm indien nodig?

JA	1	NEE	2	ONSEKER	3
-----------	---	------------	---	----------------	---

Vraag 8: Gee redes vir jou antwoord in vraag 7:

AFDELING D: JONG VOLWASSENHEID

Vraag 9: Wat verstaan jy onder die begrip 'jong volwassenes'?

Vraag 10: Verduidelik volgens jou eie opinie wat die rede(s) kan wees waarom slagoffers van seksuele misbruik as kind eers wag tot in hulle jong volwasse jare om die misbruik te openbaar, eerder as om dit op 'n vroeër stadium te doen (i.e. direk na die misbruik):

Vraag 11: Jy word as 'n studente maatskaplike werker gevra om namens die Noordwes-Universiteit 'n program te ontwerp vir slagoffers van seksuele misbruik as kind. Hierdie slagoffers is almal jong volwassenes, tussen 18 en 24 jarige ouderdom. Hierdie program moet geskik wees vir slagoffers wat die behoefte het om hulle seksueel misbruik ervaring vir die eerste keer te openbaar.

In kort: Waaruit sal jou program bestaan (i.e. plan van aksie en implementering daarvan), en hoe sal jy te werk gaan om studente van die Noordwes-Universiteit bewus te maak van hierdie diens?

ADDENDUM B: ENGELSE VRAELYS VIR JONG VOLWASSE STUDENTE

QUESTIONNAIRE FOR YOUNG ADULT STUDENTS

SECTION A: IDENTIFYING PARTICULARS

Please make a cross in the applicable block:

5. AGE IN YEARS

18-19 years	1	
20-21 years	2	
21-22 years	3	
22-23 years	4	
Over 23 years	5	

6. GENDER OF RESPONDENT

Male	1	
Female	2	

7. HOME LANGUAGE

Afrikaans	1	
English	2	
Setswana	3	

Other (please write down):

8. ETHNIC GROUP (please write down):

SECTION B: KNOWLEDGE OF SEXUAL ABUSE

Question 1: Explain what you understand under the concept 'sexual abuse of children'.

Question 2: Child sexual abuse has long term effects on the victim, which can be passed on into their adult lives. According to your own opinion, what are the worst long term effects that child sexual abuse has on the *victim* (i.e. the young adult who suffered sexual abuse as a child)?

SECTION C: SUPPORT SYSTEMS/RESOURCES

Question 3: If YOU have ever been or were to be a victim of child sexual abuse, who would you talk to about it or with whom would you have preferred to talk to about it, and why that person?

Question 4: In which order do you think a child would prefer to talk to the following support systems if he or she is being sexually abused?

Place the following items in ranking order from 1 to 6, where 1 represents 'The most likely to prefer' and 6 represents 'The least likely to prefer'.

A	POLICE (SAPS)	
B	NON-ABUSIVE PARENT(S)	
C	UNKNOWN PERSON OR STRANGER	
D	TEACHER	
E	OTHER PROFESSIONALS E.g.: Social worker/Psychologist/Doctor	
F	FRIEND(S)	

Question 5: Is there currently an effective support system/resource(s) in your OWN community that works specifically with victims of child sexual abuse, and that is also easily accessible for children?

YES	1	NO	2	UNCERTAIN	3
------------	---	-----------	---	------------------	---

If you answered YES: Indicate the name of your community and the organisation/system that deals with these types of cases (E.g.: Pretoria; Childline):

Question 6: What would be the ideal circumstances for a child to disclose sexual abuse in?

Question 7: Do you think the community is informed well enough regarding the dynamics of child sexual abuse in order to be able to protect their children if the need arises?

YES	1	NO	2	UNCERTAIN	3
------------	---	-----------	---	------------------	---

Question 8: Give reasons for your answer in Question 7:

SECTION D: YOUNG ADULthood

Question 9: What do you understand under the concept 'young adults'?

Question 10: Explain according to your own opinion what the reason(s) may be why victims of child sexual abuse wait until they have reached young adulthood to disclose the abuse, and not at an earlier time (i.e. just after the abuse took place):

Question 11: As a student social worker you are asked to design a programme on behalf of the North-West University which will deal with the victims of child sexual abuse. These victims are all young adults, ranging from 18 to 24 years in age. This programme will have to deal with victims who feel the need to disclose their experience of sexual abuse for the first time.

In short: What would your programme consist of (i.e. plan of action and implementation thereof), and how would you go about making the students at the North-West University aware of this service?
